

# ProAgri

tegnologie vir die boer  
technology for the farmer

No / Nr 293  
ISSN 1042 - 1558

**Gratis / Free**

**LEMKEN** verstaan hoe  
om grond te tem

**Stroppers voer  
taai stryd op  
Grootpan**

**Sien is glo  
by Val  
Boeredag**



**Plant vir die toekoms met Pioneer**



## SEEDING COMBINATION SOLITAIR DT

# EFFICIENT LIGHTWEIGHT.

Maximum efficiency combined with highest precision – the new **Solitair DT** was designed according to these standards. The result is a seeding combination that is convincing in practice and saves diesel with ease.

OUR DRIVING FORCE: **YOUR SUCCESS!**



Find out more on  
[lemken.com/en/solitair-dt](https://lemken.com/en/solitair-dt)

 **LEMKEN**  
THE  
AGROVISION  
COMPANY



## RUBIN 12 DISC HARROW

# THE COMPACT DISC HARROW WITH DEEP IMPACT



With a disc diameter of 736 mm, the **Rubin 12** works to depths of up to 20 cm – that is as deep as a cultivator, making it a powerful expert for stubble and primary soil cultivation, even in heavy soils. Discover its many benefits for yourself:

- Symmetrical disc arrangement to eliminate side draft
- Soil cultivation over the full width from only 7 cm working depth
- Harrow for optimum mixing and levelling action
- Maximum clearance to prevent clogging





# ONS IS SLIM **MIELIES**



Ons mieliekultivars is ontwerp met die plaaslike produsent in gedagte. Ons seleksie is gemik op nasionale geografiese liggings sowel as besproeiings- en kuilvoergefokuste saadprodukte. Maak jou keuse uit 'n wye reeks van wit-en geelmieliesaadbasters.



## **PIONEER**

GEMAAK OM TE GROEI™



Besoek ons webtuiste







# 'n Maand vol landbouhoogtepunte

Die afgelope maand was propvol interessante en betekenisvolle gebeure wat ons landbougemeenskap verder versterk het. Ons het die voorreg gehad om verskeie opwindende geleenthede by te woon wat nie net insiggewend was nie, maar ook geleenthede geskep het vir waardevolle netwerke en samewerking.

Een van die hoogtepunte van die maand was die jaarlikse Stroperreries wat te Du Preez Landgoed op Grootpan plaasgevind het. Hierdie unieke geleentheid het boere van heinde en ver saamgebring om verskeie vervaardigers se stroopvaardighede te wys en die nuutste tegnologie in aksie te sien. Dit was 'n skouspelagtige dag vol gesonde wedywering en geselligheid, en dit was beseielend om te sien hoe die landbousektor vernuwend oplossings en tegnologieë omhels om produktiwiteit te verbeter. Lees meer vanaf bladsy 2 tot 11.

Nog 'n belangrike gebeurtenis was die jaarlikse Val Boeredag. Hierdie dag is altyd 'n hoogtepunt op die landboukalender, en vanjaar was geen uitsondering

nie. Met trekkers om van te kies en keur, toerusting en werktuie wat hulle staal wys, kosstalletjies, demonstrasies en meer is weer eens bewys waarom Val 'n moet-bywoon geleentheid vir enige ernstige boer is. Die geleentheid het waardevolle insigte gebied oor nuwe praktyke en tegnieke wat ons boerderye nog meer volhoubaar en winsgewend kan maak. Lees meer van bladsy 13.

Ons spreek ons opregte dank uit aan almal wat hierdie geleenthede moontlik gemaak het, sowel as aan diegene wat dit bygewoon het. Dit is deur sulke samewerking en betrokkenheid dat ons landbousektor kan groei en floreer. Ons sien daarna uit om voort te gaan om saam met die boerderygemeenskappe en die verskaffers in die bedryf te werk om die beste in landbouvernuwing en -praktyk te bevorder.

Geniet hierdie propvol, interessante uitgawe van ProAgri!

ProAgri-groete!  
**Bianca Henning**  
bianca@proagri.co.za

Op ons voorblad

**Deurlopende genetiese en tegnologiese vordering eggo Pioneer se verbintenis tot Suid-Afrikaanse boerdery. Pioneer belê deurgaans in die ontwikkeling van nuwe genetika, sodat hoër opbrengspotensiaal en beter agronomiese groei vir die mark bewerkstellig word.**



**ProAgri**

Posbus 72707, Lynnwoodrif /  
Rossouwstraat 577  
Die Wilgers, Pretoria  
079-515-8708  
www.proagri.co.za

Copyright © 2024. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

ProAgri

## Redakteur tydskrif en aanlyn

Bianca Henning > 082-326-2572  
bianca@proagri.co.za

## Verslaggewers

Natasha Pretorius > 083-468-2653  
natasha@proagri.co.za  
Ashleigh Schubert > 071-585-9422  
ashleigh@proagri.co.za  
Benine Ackermann > 073-105-6938  
benine@proagri.co.za  
Kylee Claassen > 067 240 3422  
kylee@proagri.co.za

## Spesialisskrywer

Annemarie Bremner

## Bemarkingsbestuurder

Diane Grobler > 082-555-6866  
diane@proagri.co.za

## Bemarkers

Xander Pieterse > 062-391-6507  
xander@proagri.co.za  
Johan Swartz > 071-599-9417  
johan@proagri.co.za  
Tiny Smith > 082-698-3353  
tiny@proagri.co.za  
Lynette van Tonder > 074-694-4422  
lynette@proagri.co.za

## Skeppende bestuurder

Michelle Kruger > 084-416-1780  
michelle@proagri.co.za

## Uitleg en ontwerp

Anja Oosthuizen, Jamie-Lee Tromp  
& Cara Watson

## Kliëntverhoudingsbestuurder

Carin Swartz > 084-233-0123  
carin@proagri.co.za

## Navrae

Engela Botha > 084-088-0123  
engela@proagri.co.za

## Rekeninge

Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

## Verspreiding en intekening

Nita Volmer van Zyl > 079-515-8708  
nita@proagri.co.za

## Inhoudsopgawe / Contents

### Stropperriesies

2. Stropperriesies 2024: Merke, gereed, stroop!
5. Massey Ferguson se 9895-stroper verskyn weer by die jaarlikse stropperriesies
7. AGCO se spoggerige swart Fendt-stroper staan sy man by Stroperreries 2024
9. 2024 Stroperreries: Case IH wen twee tweedeplekke
11. New Holland: Geel-en-blou wen goud by Stroperreries 2024!



### Val Boeredag

13. Val in by Val Boeredag of val in die pad!
15. Pannar loop hand aan hand met die Suid-Afrikaanse boer van plant tot oes
17. Jupides se Kvernland Enduro Pro 5000T val in boere se maak by Val Boeredag
19. Plaas jou pitte presies met Case IH se Early Riser-planter
21. Ontmoet Rovic se Optimiser 9000-stoppeelbewerker
23. Boere verkyk hulle aan New Holland se nuwe trekkers en nuwe tegnologie



### Meganisasie

25. Herlewingslandbou: Na 20 jaar is geenbewerkingsplanters hier om te bly
29. Karat 12: LEMKEN-lande is gewasse se droom
31. Die nuutste in landboutegnologie van regoor die wêreld




### Hulpbronbestuur

35. Gebruik die natuur om die ligte aan te hou: Power Africa wys jou hoe
37. Take a step towards comfort, durability and protection with Wayne's superior quality gumboots
39. Besproeiing se baas! Maak jou lande woerts-warts nat met Irrigation Unlimited se kruipspuite




### Vee en Wild

41. Feeding livestock during the winter
43. Winsgewende skaapboerdery deel 29: Voerkraalafroning van lammers
47. Alpakka-boerdery in Afrika is g'n wolhaarstorie



### Gewasproduksie

48. Droogtebestuur deel 1: Red jou veld – Ruigteveld
51. Grasse van Suid-Afrika deel 6: Onvertakte bloeiwyses
55. Groentetuine vir beginners deel 12: Oes en verwerking van groente





Stropperresies 2024

# Merke, gereed, stroop!

deur Ashleigh Schubert



**W**aar die graan geil en goud staan moet daar gestroop word. Strooptyd stop vir geen wind of weer nie. En enige boer wat sy boerdery ernstig opneem, weet dat die masjinerie wat hy gebruik net so belangrik is soos die gehalte van sy gewas.

Suid-Afrikaanse boere wil daarom net die b  ste van die beste stropers gebruik. Met al die ho   gehalte handelsname beskikbaar in ons land, kan dit egter 'n moeilike besluit wees. Dus, om die wenner te bepaal, word daar elke jaar 'n stropperresies gehou! Die stropperresies word deur die Grootpan Studiegroep in samewerking met Du Preez Landgoed aangebied.


Stropers van verskillende fabrikate ding regstreeks teen mekaar mee. Al die stropers staan in 'n ry langs mekaar op 'n mielieland. Dan is dit een, twee, drie stroop!

Dit is met groot opwinding en afwagting wat die skare wag om te sien watter stroper eerste oor die wenstreep ry.

Daar is egter 'n hele rits kriteria wat die wenner bepaal. Dit werk soos volg: Spoed (50%), vermorsing van graan

agter stroper (20%), gebreekte pitte bo die sif (10%), gruis onder die sif (10%) en koppe gelos of geknip (10%).

Stropers neem deel aan twee kategorie  , die klas 6-afdeling en die klas 8-afdeling.





### Hier is die klas 6 uitslae:

1. New Holland se CR6.80
2. Case IH se 6150
3. CLAAS se Trion 720
4. John Deere se S760



Dit is nou maar weereens bewys, CLAAS is baas... CLAAS se Lexion 8700 het loshande weggestap met die goud vir klas 8.

### Hier is die klas 8 uitslae:

1. CLAAS se Lexion 8700
2. Case IH se 8250
3. Fendt se Ideal 8 T
4. John Deere se S780
5. New Holland se CR7.90
6. Massey Ferguson se 9895

Tydens die Stroperresies is daar ook 'n tapkarresies, waar daar verskillende handelsname tapkarre teen mekaar meeding om te sien watter masjien die vinnigste kan tap.

### Hier is die uitslae van die tapkarresies:

1. Agri Afrika, Legend Chaser 24-Ton
2. Feeler Africa 36-Ton
3. BPI 21-Ton
4. AgriCad 18-Ton
5. JBH Agri 16-Ton
6. Rula Agri, Ferto 200 18-Ton

**As dit koud is, is dit koud! En daar is mos niks soos 'n soet pannekoek en lekker, warm koffie op 'n yskoue dag nie.**



**Sodra die resies verby is, is dit die lekkerste om die lande te bekyk en te probeer voorspel wie die mooiste, skoonste en beste gestroop het.**



**Buiten die opwinding van die stroopers, was daar ook ander vermaak om die dag op te kikker.**



0%

ONTVANG TOT

# RENTE OP JOU NUWE MASSEY TREKKER



BEAUVAIS HOË PERDEKRAG TREKKERS:  
110 - 272kW



GLOBAL SERIES TREKKERS:  
61 - 98 kW



BOORDTREKKERS:  
55 - 63 kW

**KONTAK JOU NAASTE MF-HANDELAAR. [WWW.MASSEYFERGUSON.COM](http://WWW.MASSEYFERGUSON.COM)**  
EERSTE KOM EERSTE MAAL. TERWYL VOORRAAD HOU.



Aanvangsfooï en diens mag van toepassing wees. B's & V's geld en finansiering is onderhewig aan goedkeuring deur AGCO Finance, 'n produk van WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer. NCRCP20.

Bepalings & voorwaardes geld: 25% deposito, 36 maande leningstermyn, vaste rentekoers, maandeliks terugbetaling. Geldig vanaf 1 Feb 2024.

'n Produk van **WesBank**



**MASSEY FERGUSON**



# Massey Ferguson se 9895-stroper verskyn weer by die jaarlikse stroperresies

deur Natasha Pretorius

**M**assey Ferguson se bielie 9895 Klas-8-stroper het vanjaar weer sy verskyning by die jaarlikse stroperresies gemaak. Thomas Wait, AGCO SA produkbemarkingsbestuurder, vertel dat die MF9895 Klas-8-stroper die ideale kombinasie van krag, tegnologie en doeltreffendheid is.

## 'n Stroper met kragdoeltreffendheid

Die stroper het 'n 9,8 liter, sewe-silinder AGCO Power-enjin wat 365 kW lewer. 'n Klap aan die regterkant van die stroper maak die enjin toeganklik sodat die operateur dit maklik kan versien of herstel indien dit op die lamd sou breek.

Om te verseker dat jou stroper se enjin in die stowwerige veld koel bly, is dit toegerus met 'n V-verkoelingsstelsel. Die verkoelers is in 'n V-formaat weerskante van die enjin geplaas en 'n hidrouliese omkeerbare waaier aan die bokant van die enjin skop elke 15 minute in om te verseker die verkoelers bly skoon.

## 'n Doeltreffende stroper

Die unieke inlyn-enjin en -rotorontwerp verseker direkte aandrywing aan die 800 mm rotor.

Die MF9895-stroper is 3,56 m lank en het 'n graantenkgrootte van 12 365 liter met 'n uitlaaikapasiteit van 150 liter per sekonde.

Die konkawe word met vere aan die raamwerk vasgesit. Dit beteken die vere sal meegee indien daar 'n volume materiaal deurbeweeg wat die rotor nie kan hanteer nie.

## 'n Kajuit gemaak vir gemak

So indrukwekkend soos wat die stroper aan die buitekant is, is die kajuit ook gemaak vir doeltreffendheid en gemak. Die kajuit is ruim, oop en verstaanbaar.

"Jy het jou hidrostatiese aandrywing, tafelbeheer, die rotor se aan- en afskakeling, versneller en die tafel se hoogteverstelling alles mooi bymekaar. Jy kan ook jou konkawe oop en toe stel



Die MF9895-stroper het weer 'n verskyning gemaak by die stroperresies.

en die waaierspoed verstel," verduidelik Thomas.

Daar is ook 'n C2100-skerm in die kajuit waar jy die siwwe oop- en toe kan maak, die waaierspoed kan verander en verstellings op die konkawe maak.

## Stroop sonder vassit

Al Massey Ferguson se nuwe stropers het vierwielaandrywing sodat jy nie sukkel in nat toestande nie. Hulle kom ook standaard met Climate Field View en 'n 5-jaar intekening. Massey Ferguson het ook die Klas-6 stroper, die 9695, en die 9795-stroper wat beskikbaar is in twee konfigurasies. Die een kom met 'n kleingraankonfigurasie wat 'n snyer insluit en dan 'n

grootgraankonfigurasie wat 'n kafverspreider agteraan het. Die 9895 kom ook in 'n grootgraankonfigurasie.

Die masjiene kom standaard met al die konkawe en siwwe wat vir klein en groot graan benodig word.

Die MF9895 het sesde geëindig in die 2024-stroperresies en die span se doel vir die dag was om die skoonste monster met minimum verliese te stroop



Die MF9895-stroper se kajuit is gemaak vir gemak en doeltreffendheid.

teen die vinnigste spoed. Die Dragomielieplukkerkop verseker dat daar minimale aanpaksel op die plukker is.

Hoewel hulle nie eerste geëindig het nie, het Massey Ferguson beslis die boere verbaas en beïndruk.



Thomas Wait, AGCO Afrika se produkbemarkingsbestuurder, saam met Sven Rohrs, Massey Ferguson Klas-8 bestuurder, was vir die tweede jaar by die stroperresies.

Besoek gerus Massey Ferguson se webtuiste [www.masseyferguson.com](http://www.masseyferguson.com) om meer te leer oor hulle voortreflike, boervriendelike stropers en diens.



KYK DIE VIDEO OP  
**YouTube**



# 5 JAAR 0000URE

## WAARBORG OP ALLE TREKKERS

**FENDT**

[fendt.com/za](http://fendt.com/za)





# FENDT

deur Kylee Claassen

## AGCO se spoggerige swart Fendt-stroper staan sy man by Stroperresies 2024

Niks kan 'n boer keer nie. Die yskoue Stroperresies 2024 het weer bewys dat daar nie een ding is wat boere kan weghou van die opwinding en afwagting vir die langverwagte dag om te sien watter stroper koning gaan kraai nie. AGCO se 8T Fendt-stroper het nie teruggehou nie en het derde plek in die klas 8-afdeling van die resies behaal.

Die Fendt-stroper is ontwikkel in die globale AGCO "centres of excellence" in oestegnologie. Met die insette van talle boere regoor die wêreld, het AGCO die stroper ontwikkel wat hom vandag een van die mees moderne en gevorderde stropers op die mark maak.

Tevredenheid met die Fendt-stroper straal uit Frans Cronjé, die Fendt-verkooptman in Suid-Afrika, se gesig.

Die stroper lewer meer uitset, beter prestasie en is gebruikersvriendelik. Die 180 grade panoramiese sig vanuit die Fendt se kajuit skep die perfekte werkplek met 'n vensteroppervlakte van 5,75 m<sup>2</sup>, en langbeenbestuurders kan 'n gemaklike sitplek geniet met die lang ure in die lande.

### Stuur is kinderspeletjies

Om stremming op die operateur se skouers uit te skakel, het die Fendt in



plaas van 'n stuurwiel 'n stuurstok op die linkerarmleuning. Die linkerhand stuur terwyl die regterhand die spoed beheer.

Die Fendt-ratkas bied twee ratte met 'n spoedreeks van 0 tot 15 km/u of 0 tot 40 km/u.

Groot skerms en kameras reg rondom die stroper sorg dat die operateur deurgaans weet wat in en om die stroper aan die gang is.



Frans Cronjé, trotse verkoops-verteenwoordiger van AGCO Suid-Afrika.



Die Fendt 8T, klas 8-stroper gereed vir stroop.

AGCO Power- en MAN-enjins en bewese transmissietegnologie maak die Fendt-stroper toegerus vir enige taak. Maklike werking, doeltreffendheid, betroubaarheid en genoeg krag is sleutelkenmerke van die Fendt. Die stroper het 'n 12,4 l enjin wat 401 kW lewer om die taaiste taak baas te raak, terwyl dit uiters suinig met die brandstof werk.

Die unieke eienskappe van hierdie pragtige, sterk, swart stroper het dit maklik laat lyk om deur die lande te beweeg en dit verg geen oortuiging dat dit die moeite werd is om in hom te belê nie. Hierdie stroper verkoop homself!



Kyk die video op



**Vir meer inligting, besoek**  
**Fendt.com/za of kontak vir**  
**Frans Cronjé by 066-581-7505.**



Die kragtige swart Fendt 8T-stroper met sy rusperbande om enige land baas te raak.





**THERMAL  
& DIGITAL**  
TECHNOLOGIES


**STREAM  
VISION 2**



# THERMION 2 XL50 LRF



HD THERMAL  
SENSOR



## ULTRANEXUS

TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:

[WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA](http://WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA) | [WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA](mailto:WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA) | 083 559 0001



# 2024 Stroperreries:

## Case IH wen twee tweedeplekke

deur Bianca Henning

**S**ewesiferbedrae en stropers is sinoniem – daarom is die aanskaf van een van hierdie kolosse nie 'n saak wat ligtelik benader word nie. Boere het nodig om die stropers in aksie te sien en ook om dié van verskillende vervaardigers met mekaar te vergelyk. Die Grootpan-studiegroep se Stroperreries het 'n paar jaar gelede as 'n gesellige boerebraai en -kuier ontstaan, en oor die jare heen tot 'n betekenisvolle geleentheid op die landboukalender ontwikkel.

Case IH het vanjaar weer twee stropers vir die resies in die klas 6-en klas 8-afdeling ingeskryf. Case IH se 8250 het sy man gestaan in die klas 8-afdeling en met tweede plek weggestap. Case IH se gewilde 6150-stroper het in die klas 6-afdeling deelgeneem en ook tweede plek behaal.

Kobus Olwagen, produkbestuurer by Case, vertel: "In 1979 is die eerste Case-stropers op Suid-Afrikaanse grond verwelkom. Hierdie stropers is al 'n hele paar jaar op die mark, en die gewildheid van Case-stropers het geweldig toegeneem. Hierdie stropers het die enigste enkel-aangedrewe rotorstelsel wat deur Case gepatenteer is."

Kobus vertel meer oor die spesifikasies en unieke kenmerke van die Case IH se 6150 Axial Flow-stroper: "Case IH se welbekende 6150-stroper het 'n 8,7-liter Iveco-enjin wat 246 kW lewer.

Die stroper se standaardrotor is 76,2 cm (30 duim) breed en 274,32 cm (108

duim) lank. Hierdie stropers het verskillende konkawe wat omgeruil moet word om verskillende soorte graan te stroop.

"Hierdie stroper se siwwe se skeidingsarea is 5,4 vierkante meter. Dit is groot genoeg om hierdie 8-ry Geringhoff-plukkerkop te hanteer en moontlik groter plukkers ook sou jy wou," voeg Kobus by.

Kobus sê: "Hierdie is 'n baie eenvoudige masjien. Daar is nie onnodige bewegende dele nie. Van die sluk af, die wydte wat die materiaal van die sluk af inkom, beweeg die materiaal in



**Die manne van Case IH na afloop van die Stroperreries.**

die rotor in, wat deurgedors word, die pitte val op die sif en gaan van daar af na die graantenk.

"Al die komponente van hierdie stroper word met dryfbande aangedryf. Wanneer jy na die binnekant kyk, sal jy sien die stroper het standaard kafstrooiers. Daar is ook kapmesse wat verstel kan word om die materiaal growwer of fyner te maak," verduidelik Kobus.

Die stroper se graantenk hou 10 570 liter, wat ontlai teen 113 liter



**Case IH se 8250-stroper stap met tweedeplek in die klas 8-afdeling van die Stroperreries weg.**

per sekonde. Die oorlaai se tuit kan skarnier om die graan eweredig in die tapkar te versprei.

Die stroper se 832"-voorbande en 628"-agterbande sorg vir goeie aandrywing en stuur sonder om die land onnodig vas te trap. Hierdie stropers kan ook met dubbelwie le bestel word.

"Die stroper is toegerus met 'n skoonmaakarea by die verkoeler waar die rolsif is. Die onnodige materiaal en blare word hier uitgeblaas en op die grond gegooi," voeg Kobus by.

Hierdie stropers spog ook met nuwe tegnologie om die boer en operateur se lewe makliker te maak. Kobus verduidelik: "Dit gee vir jou elke drie sekondes 'n lesing van die verloop van die proses wat op die skerm binne die kajuit gesien kan word." Die kajuit is ook ontwerp met die operateur wat lang ure moet stroop in gedagte gehou.

"Die waarborg op alle Case-stropers is 3 jaar of 1 500 uur," sluit Kobus af.



**Kobus Olwagen is met reg trots op Case IH se stropers waarop Suid-Afrikaanse boere sedert 1979 reken.**



# 6B

## BUILT FOR BETTER GRAIN

### THE UPGRADED 6B SERIES, SIMPLY BETTER FOR GRAIN FARMERS

The upgraded 6B series is built for grain farming. The new 6150B comes with an extra 10hp and heavy-duty parts like a reinforced transmission, rear axle, and wheel rims. These upgrades boost durability and make it easier to handle larger implements. For grain farming, this means more reliable performance during crucial harvest times and less downtime, so you can be more efficient in the field.

MODEL RANGE: 6095B | 6110B | 6120B | 6135B | 6140B & *THE ALL NEW 6150B*

#### 1 | POWERCORE AIR FILTER

Over 93% dust removal and a 4500-hour service interval for secondary air filter keep your tractor running smoothly during dusty working conditions with minimal maintenance.

#### 4 | INTELLIGENCE INSIDE

John Deere Precision Ag technology and JDLink™ connectivity. Access real-time data and enhance operational efficiency.

#### 2 | LONGER OIL SERVICE INTERVALS

500-hour engine oil and 1000-hour hydraulic oil service intervals reduce downtime, allowing for longer **uninterrupted work periods**.

#### 5 | CAPABLE HYDRAULICS

Up to 3 rear SCVs and a 76 l/min flow rate with pressure-compensated control. Connect and operate a variety of grain farming implements smoothly.

#### 3 | PTO FLEXIBILITY

Reversible PTO shaft with 540 rpm/6 spline and 1000 rpm/21 spline setups. Easily switch between different grain farming implements.

#### 6 | OUTSTANDING PERFORMANCE

High drivetrain efficiency and 10hp added in the 6150B model boost productivity during harvest with reliable and powerful performance.

Contact your nearest dealer today

\*Terms and conditions apply. (Available at <https://www.deere.africa/en/>)

<https://www.deere.africa/en/> | [africa@johndeere.com](mailto:africa@johndeere.com) | Customer care: 0800 983 821

JohnDeereAME



JohnDeere



JohnDeereAfrica



JOHN DEERE



# New Holland: Geel-en-blou wen goud by Stropperresies 2024!

deur Ashleigh Schubert



**'n Fotograaf moet gou spring as hy nog mielies wil sien op 'n land waar New Holland stroop.**

**A**lmal droom daarvan om die beste in iets te wees. Vir New Holland is daardie droom 'n werklikheid met die eerste plek wat hulle losgeslaan het by die Stropperresies 2024!

Derrick Coetzee, produksiespesialis by New Holland, is baie opgewonde om te vertel presies wat dit is wat hulle stroppers die bobaas-kampioene maak.

"Ons het vanjaar twee masjiene ingeskryf; in Klas 6 die CR6.80 en in

Klas 8 ons CR7.90-stroper wat 'n Klas 7-stroper is. Die CR6.80 stroper is die verdedigende kampioen van verlede jaar se resies."

New Holland se Twin Rotor-stroppers is al in 1975 bekendgestel en het sedertdien bewys dat hulle die markleiers is ten opsigte van kapasiteit, graangehalte en kragdoeltreffendheid.

"Vir die afgelope 49 jaar het New Holland baie gewerk aan die vernuwing van ons stroppers met die nuutste tegnologie en die fokuspunte van New Holland vir innovasie bly nog altyd dieselfde: kragdoeltreffendheid, graangehalte, strooigehalte en kapasiteit."

In Suid-Afrika verskaf New Holland drie stroppermodelle. Dit sluit in die bogenoemde stroppers en dan ook die Klas 9 stroper, CR9.90. Die Klas 6 en 7 het 43-cm rotors (17 duim) en die Klas 9 het 56-cm (22 duim) rotors.

Derrick brei ook uit oor die kapasiteit van hierdie New Holland-bulle. "Die materiaalhyser (*feeder*) is toegerus met die Dynamic Feed Roll (DFR) om 'n egalige vloei van materiaal na die Twin Rotor™ te verseker en die

stelsel gee 'n kragbesparing tot op 7 perdekrag." Ons sifoppervlak is 5,4 m<sup>2</sup> op die Klas 6 en Klas 7 en op die Klas 9 'n allemintige 6,5 m<sup>2</sup>."

Die reguit vloei van materiaal deur die Twin Pitch-rotors in New Holland se stroppers verseker 'n egalige versprei-

ding van materiaal oor die hele oppervlak van die voorbereidingstafel en die sifoppervlak.

## Oesgehalte is prioriteit!

So verduidelik Derrick: "Met die kombinasie van die Dynamic Feeder Roll en die eivormige Twin Pitch-rotors, is ons gewasverplasing in hierdie masjiene baie goed. Omdat ons rotorspoed baie stadiger en ons konkafopening baie groter kan wees, het jy 'n gewasop-gewas dorsaksie, en nie meer 'n gewas-materiaal dorsaksie nie."

Die Dynamic Flow Control beheer en kontroleer die vloei deur die rotors.

"Vir die beste en skoonste graanmonster het ons stroppers die gepatenteerde Opti-Clean en die Opti-Fan-stelsels."

New Holland maak hulle masjiene so kragdoeltreffend as moontlik om die bedryfskoste vir die boer laer te hou. Die eenvoudige uitleg van die stroper se aandrywing en die lae enjinkraggebruik hou die brandstofverbruik ook so laag as moontlik.

## Voor in die koor met stroper-automatisering

"Die Klas 7- en 9-stroppers is toegerus met die IntelliSense-stelsel, wat 'n aanwys is vir iemand wat sy boerderij wil moderniseer. Die voordeel van die IntelliSense-stelsel is dat die stroper al die nodige verstellings doen, sodat die operateur net aandag hoef te gee aan die vloei van die materiaal in die masjien in, die uittap van die graan en die omdraai op die wenakkers."



**Daar is niks wat Derrick Coetzee kan oortuig dat New Holland nie die beste is nie.**



**Hierdie superstroppers van New Holland is baas in enige mielieland.**



**AGI  ACADEMY**

# GRAIN TRAINING *2024*

COMPREHENSIVE LEARNING TO IMPROVE YOUR GRAIN OPERATIONS



**CLASS & ON-SITE  
LEARNING**



**LED BY GRAIN  
EXPERTS**



**3-DAY EXPERIENCE**



**LEARN MORE**

Contact us at [academy@aggrowth.com](mailto:academy@aggrowth.com)

[aggrowth.com/emea](https://aggrowth.com/emea)

[YouTube](#) [X](#) [LinkedIn](#) [Facebook](#) [Instagram](#) @AgGrowthIntl @AGI EMEA

**AGI **





# Val in by Val Boeredag of val in die pad!

deur Ashleigh Schubert

**A**s daar een ding is wat jy verseker kan weet is dit, daar waar 'n trekker loop en 'n werktuig werk, daar daag 'n boer op!

Val Boeredag is geen uitsondering nie. Hiërdie demonstrasiedag het vanjaar plaasgevind op 2 Julie, soos gewoonlik op die Waterval Boerevereniging se Boeredag-terrein. Vroegdag, toe die dou nog op die gras lê, het die terrein reeds gewemel van gretige toeskouers wat gereed was vir die demonstrasies om af te skop.

## Hoe werk die Val Boeredag?

Hierdie dag is 'n geleentheid vir potensiële kopers om elke moontlike trekker en werktuig in aksie te sien.

Bekende verskaffers aan die landboubedryf demonstreer een vir een hulle toerusting, terwyl die skare in twee rye langsaaan staan om te bekyk hoe die werktuie werk. Demonstrasies sluit in alles van grondbewerkers en planters, tot hommeltuie, spuite en stropers. Dit bied boere die kans om self te sien hoe vinnig, skoon, doeltreffend en deeglik 'n werktuig werk. Hulle kan ook al hulle vrae vra en met die verskaffers gesels.

Dit is natuurlik ook 'n wonderlike geleentheid vir verkopers om hulle nuutste tegnologie bekend te stel en



**Tussen die lewende demonstrasies en spogdiere was daar meer as genoeg om toeskouers mee besig te hou.**

die mark se reaksie daarop te sien.

'n Spesiale demonstrasie hierdie jaar was veteraantrekkers wat ook hulle verskyning gemaak het.

## Meer as net masjiene

Die atmosfeer by só 'n boeredag is iets om oor huis toe te skryf.

Een van die gewildste trekpleisters is natuurlik altyd 'n lekker kosstalletjie. En by Val Boeredag is daar meer as genoeg van hulle! Verbeel jou: soet oliebolle, taai biltong, 'n sappige boereworsrol en 'n wafel op 'n stokkie vir nagereg.

Van die ander stalletjies, was produkte vir die bestuur van diere en gewasse, en produkte wat van leer gemaak word.

Die lewende vertonings is 'n groot rede waarom veral die jongklomp die dag bywoon. Hierdie jaar se kunstenaars was Bernice West en Brendan Peyrer.



**Die 350 Patriot-spuit van Case IH was 'n groot gunsteling onder die skare.**



**Hendrico en Oupa Boet was baie opgewonde om al die werktuie in aksie te sien.**



**Die Bok.i-strookbewerker werk behoorlik dat die stof so staan!**



**Een van die legendariese McCormick Farmall-veteraantrekkers in aksie.**



**LEMKEN se helderblou is maklik om uit te ken van 'n myl af! Hier pronk hulle Rubin 10 in die stoppelland by Val Boeredag.**



# Maximize Your Wheat Yield Potential With Arylex® Active

An Innovative Growth Regulator Herbicide Which Attacks Weeds From Within, Stopping Plant Growth & Results In Cell Death



**Experience Unrivalled Freedom To Rotate Crops**



**Low Use Rates Resulting In Low Environmental Load**



**Effective Post-Emergence Control**

## HERBICIDES

### Pixxaro® 266 EC

Arylex® active

HERBICIDE

### Pixxaro® 266 EC

An emulsion concentrate herbicide for pre-plant burndown of broadleaf weeds on fallow lands and selective early post-emergence control of broadleaf weeds in wheat and barley.

### Quelex™ 200 WG

Arylex® active

HERBICIDE

### Quelex™ 200 WG

A water dispersible granule herbicide for early post-emergence broadleaf weed control in wheat in the Western Cape and the summer rainfall region.

### Tarzec® 320 WG

Arylex® active

HERBICIDE

### Tarzec® 320 WG

A water dispersible granule herbicide for selective, early post-emergence control of broadleaf weeds and some annual grasses in wheat in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.

## OUR CROP PROTECTION PRODUCTS ARE AT THE HEART OF AGRICULTURE

**FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:** Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1991/003030/07 • Paarl +27 (0) 21 003 8259 • Centurion +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

**ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS:** Pixxaro® 266 EC contains Arylex® (16.25 g a.e./L) and fluroxypyr (250 g a.e./L) | Reg. No. L11191 | Act No. 36 of 1947 • Quelex™ 200 WG contains Arylex® (100 g/kg) and florasulam (100 g/kg) | Reg. No. L10759 | Act No. 36 of 1947 • Tarzec® 320 WG contains Arylex® (70 g/kg) and Pyroxulam (250 g/kg) | Reg. No. L10760 | Act No. 36 of 1947™. Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2024 Corteva.

DANGER



#### HAZARD STATEMENT(S) FOR PIXXARO® 266 EC

May cause an allergic skin reaction. Causes serious eye damage. May cause respiratory irritation. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

DANGER



#### HAZARD STATEMENT(S) FOR QUELEX™ 200 WG

Causes serious eye irritation. May cause cancer. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.



#### HAZARD STATEMENT(S) FOR TARZEC® 320 WG

May be harmful if swallowed. Causes serious eye irritation. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.



# Pannar loop hand aan hand met die Suid-Afrikaanse boer van plant tot oes

deur Kylee Claassen



Die Pannar-span het by Val Boeredag 2024 mense hartlik verwelkom met vriendelike gesigte om te gesels oor Panagri™, wat praktiese boerderynavorsing behels. Die behoefte van enige boer is om top-kennis te kry oor die voordele van die produkte of dienste wat verskaf word en oor die winsgewendheid daarvan. Hierdie reis na kennis pak Pannar met graagte saam die boer aan.

Met die Panagri™ navorsingsprogram ondersoek Pannar in al die streke al die veranderlikes sodat die verband tussen oesopbrengs, bestuurspraktye, insetkomponente, grondeienskappe en weerveranderlikes ontleed kan word.

Sodoende kan Pannar die regte produk en praktyk vir die boer aanbeveel wat op sy plaas sal presteer en ook so sy lewe verryk.

Grant Pringle, Pannar se hooflandboukundige sê dat die sterk, bekwame grondslag wat ook spruit uit die

nuuskierigheid van landboukundiges, 'n versnelpunt is om die beste praktyke te verbreed en verbeter, hoewel 'n mens nie altyd al die antwoorde beskikbaar het nie. Die Pannar-span deel graag hulle reis met boere om saam te leer waarmee hulle besig is, waarnatoe hulle op pad is en wat hulle leer soos tyd aanstap.

Carl Otto, streeksbestuurder van Pannar-saad, noem dat dit 'n voorreg is om by Pannar betrokke te wees op Val Boeredag en dat die onderneming graag wil teruggee aan die gemeenskap. Met sestig jaar se bestaan in die landboubedryf, poog Pannar om aan boere die regte produkte te bied asook die noodsaaklike kundigheid en diensondersteuning om sodoende saam te stap op die pad na sukses. Betrokkenheid in die gemeenskap is 'n baie belangrike deel daarvan om verhoudings te kweek met die boere. Dit is uiteindelik die bou-blokke tot 'n langtermyn samesyn.




Carl Otto, Pannar se streeksbestuurder vertel meer oor Pannar by die onlangse Val Boeredag.



Besoek Pannar se webtuiste by <https://www.pannar.com/> vir meer inligting om jou boerdery ook deel te maak van die suksesstorie.





## Pumps, Valves and Services - Everything for fluid transfer applications.

Your B-BBEE Level 1 Partner

KSB is your partner for pumps, valves and service. Drawing on our wide-ranging application know-how, extensive experience and close-knit service network, we provide you with an unparalleled level of professional support. Our highly efficient, reliable solutions are used wherever fluids need to be transported, controlled or shut off. Learn more. [www.ksb.com/en-za](http://www.ksb.com/en-za)



## Rich crops – thanks to KSB solutions for irrigation.

All over the world, irrigation assists in growing agricultural crops and pastures, maintenance of landscapes and revegetation of disturbed soils in dry areas during periods of less than average rainfall. A challenge KSB handles with competence. KSB has been providing pumps and valves for more than 60 years to the farming community and other industries in South Africa and Sub-Saharan Africa. Our pumps and valves help farmers to get the water where it is needed.

Whatever the agricultural application,  
KSB - the right partner for you.





# Jupidex se Kverneland Enduro Pro 5000T val in boere se smaak by Val Boeredag

deur Bianca Henning

**N**ommerpas werktuie wat so reg in boere se smaak val is wat Jupidex by Val Boeredag gedemonstreer het.

Izél Grobbelaar, bemakingskoördineerder van Jupidex vertel: "Wat 'n wonderlike geleentheid om deel van Val Boeredag 2024 te wees. Dit is vir Jupidex 'n groot voorreg om hand aan hand met die boer te stap by geleenthede soos dié; om te sien wat hulle behoeftes is, hoe hulle dit ervaar in die veld, en om aan hulle die oplossings te kan bied wat hulle sak pas, met finansieringsopsies daarmee saam."

Jupidex het weer met net die beste van die beste gespog en hulle eerssteklas Kverneland-grondbewerkings-toerusting en strooiers trots aan boere gedemonstreer.

ZW Nichols, segmentbestuurder van Jupidex, vertel: "Die werktuie wat ons vandag hier by Val aan die boere demonstreer het, is ons Kverneland Enduro Pro 5000T asook ons 13-tand CLG-skeurploeg, en ons nuwe Kverneland Exacta TL-presisiestrooier. Ten spyte van die harde grond het ons werktuie hulle staal deeglik gewys."

"Dit is vir ons as Jupidex belangrik om deel te wees van boeredae soos hierdie, om aan boere ons reeks toerusting te wys, en om hulle gerus te stel dat ons deurlopend die pad saam met die boer stap," sluit ZW af.

Christopher Laubscher, verkoopsbestuurder van Jupidex, vertel dat die boere en hulle klante die spil is waarom hulle onderneming draai: "Ons verstaan dat tyd geld is en daarom is dit van uiterse belang dat ons span – van ons verkoopsmanne en tegniese spanne tot handelaars – die nodige kennis dra om ons boere te kan help waar nodig om staantyd te beperk."

"Ons het 'n standaard 12 maande waarborg regdeur ons reeks produkte en op ons Kverneland-reeks 24 maande waarborg, wat ons boere gemoedsrus gee dat ons agter ons produkte staan," sluit hy af.

## Die Kverneland Enduro Pro 5000T

Die Enduro Pro 5000T is 'n sleepbare grondbewerker wat vyf meter breed werk met drie rye tande. Die 18 tande is ongeveer 285 mm uit mekaar gespasieer met dubbelrollers wat agterna kom, om 'n konstante werkdiepte en die herkonsolidasie van jou grond te verseker. Die werksdiepte word veilig en sonder moeite vanuit die kajuit verstel terwyl die werktuig steeds jou grond bewerk, wat natuurlik tyd bespaar en operateursgerief verseker.



Jupidex se Kverneland 13-tand CLG-skeurploeg in aksie by Val Boeredag.



Jupidex se sleepbare Kverneland-Enduro Pro 5000T het groot opslae by vanjaar se Val Boeredag gemaak en behoorlik die koppe laat draai!

Die Enduro Pro 5000T het 'n hoëspoed-bewerking wat teen 10 tot 12 km per uur werk en bied 'n werkdiepte van 350 mm. Die Enduro Pro is toegerus met die nuwe Triflex 700-tand. Dié veerkragtige tand kan 7 cm van kant tot kant meegee om verby versperrings soos klippe te spring en het 'n outomatiese wegbreek van 700 kg.

Hierdie grondbewerker is geskik vir 'n wye reeks toestande, veral vir

stoppelbewerking en vir bewaringsbewerking, om jou grondstruktuur te bevorder en grondvog te bewaar.

As jy meer wil weet oor Kverneland se reeks werktuie vir alle toepassings, kontak Jupidex by (+27)33-386-3574, stuur 'n e-pos na [info@jupidex.co.za](mailto:info@jupidex.co.za), of besoek hulle webwerf by <http://www.jupidex.co.za>.





# CUTTING-EDGE CULTIVATORS



To stay out in front, you need equipment that sets up easily, adjusts to precisely what you need on any given day, does exactly what it was designed to do reliably and efficiently and stays on the job season after season after season.

**That sounds like Orthman.**

Orthman 8000 Series cultivators are specifically built to handle the toughest high-residue conditions common in strip-till and no-till applications.





# Plaas jou pitte presies met Case IH se Early Riser-planter

deur Benine Ackermann

Case IH was vanjaar weer by Val Boeredag en het hulle 2120 Early Riser-planter aan boere bekendgestel. "Ons is baie opgewonde om te sien hoe die presisieplanter vlamvat teenoor ander planters in die mark. Die planter sal vir elke boer se plaas werk," sê Bertus Barkhuizen, produksiespesialis van Case IH.

Die planter is beskikbaar in 'n ses-en-agtry met 76-sentimeter spasiëring en kan vloeibare en korrelkunsms toedien. Saadbakke van 57 kg of 90 kg kan per ry geplaas word.

"As ons voor by die planter se kunsmistoedieners begin, kry ons twee verstellings aan die planter, 'n enkel- en 'n dubbelkunsmskouter. Agter hulle is die ryskoonmakers wat vanuit die kajuit beheer word."

Die planter se bodem is plat, sodat al die saad egalig op presies die regte diepte geplaas kan word.

"Die dieptebeheerwiele is spesiaal gevorm om grondkompaksie te verminder," verduidelik Bertus.

Die planter het dubbelwiele agter met een rubberwiel aan die buitekant. Die rede hiervoor is dat jy die grond wat jy uit die sloot haal weer wil terugsit in die grond en vastrap, sê hy.

Die spesifieke patroon wat hulle agter op die drukwiele het, laat 'n duidelike afdruk in die grond. Hy sê ook dat die middellyn kan oopkraak sodra dit droog raak en dit is juis om saadontkieming te help.

Die masjien se massasaad- en kunsmisbakke is gereed vir presisieplantwerk. "Die bakke hou 3 ton korrelkunsms of 2 900 liter vloeibare kunsmis" sê Bertus.

Die planter word elektries aangedryf, maar die kunsmisplasing word hidroulies aangedryf.

Die planter word standaard toegerus met seksiebeheer wat die beginpunt is van enige goeie presisieplantwerk.

Die planter gebruik AFS Pro 700-sagteware en jy kan bykomend ISOBUS-tegnologie inspan.



**Bertus Barkhuizen, produksiespesialis van Case IH by Val Boeredag 2024.**



**Let op die spesiale patroon op die drukwiel agter.**



**Case IH se Early Riser-planter plaas saad maklik en presies in die grond.**

Vir meer inligting oor die presisieplanter of handelaars in jou omgewing, besoek Case IH se webwerf by <https://www.caseih.com/en-za/>. Hulle sal jou ook help indien jy enige navrae oor die planter het of onderdele benodig.



[www.faw.co.za](http://www.faw.co.za)



CELEBRATING

# 30 YEARS

OF FAW IN SOUTH AFRICA  
2024



Get it done with **the world's No.1**



**FAW TRUCKS**  
**SOUTHERN AFRICA**

**Head office:** 45 Brabazon Road, Isando,  
Gauteng | [marketing@faw.co.za](mailto:marketing@faw.co.za)

SCAN THE  
QR CODE TO  
CONTACT US





# Maklik, doeltreffend, betroubaar:

## Ontmoet Rovic se Optimer 9000-stoppeelbewerker

deur Natasha Pretorius

**E**lke boer se strewe en droom is om groter oeste te behaal met minder insetkoste en minder moeite. Rovic deel hierdie droom. Dit is hoekom Rovic deurgaans nuwe, beter werktuie by sy reeks voeg om die boer se hande sterker en sy beursie dikker te maak.

Die jongste nuttige Rovic-werktuig, die Kuhn XL Optimer 9000-stoppeelbewerker, is by Val Boeredag aan boere bekend gestel.

Die Optimer is in twee modelle in Suid-Afrika en Afrika beskikbaar: een wat ses meter wyd werk en een wat 'n allemintige nege meter op 'n slag kafdra.

werktuig deeglik werk. Die vervoerbande word glad nie in die land gebruik nie; dit word net in die vervoerposisie gebruik, maar hulle verleen gebalanseerde gewig aan die werktuig.

### Hidroulika

Die Optimer 9000 se hidrouliese pype het kleuraanwysings op die drastuk van die pype en op die trekker.

Volgens Mike help dit die boer om te onderskei watter pyp doen watter werk sodat hy gou en sonder sukkel of raaiwerk die werktuig aan die trekker kan koppel.

hom dieper of vlakker te laat werk.

Khun maak dit vir die boer maklik om die werktuig in te stel deur 'n plakker met aanwysings op die voorste silinder. Dit dui die diepte wat jy wil werk aan met 'n ooreenkomstige nommer wat verduidelik tot waar die arm op die silinder moet skuif.

Dieselfde verstelling, wat ook 'n soortgelyke plakker het, moet op die voorste drawiel ook gedoen word. 'n Sensor op die drawiel tel die verstelling op en sluit die hidrouliese vloei na die rollers af sodat die masjien egalig kan sak en optel tot by die diepte wat jy wil werk.

Die hidrouliese druk wat op die vlerke uitgeoefen word is daar om die werktuig in die grond te hou en om te verseker dat die hele wydte van die masjien ewe diep sny. Die druk is verstelbaar vir die tipe grondtoestande waarin jy werk.

Die Kuhn Optimer XL 9000 het beslis boere se aandag getrek tydens die demonstrasies by Val Boeredag en presies gewys hoekom Rovic se mense so opgewonde is oor die werktuig.



**Mike Lombaard van Rovic gesels oor die Kuhn Optimer LX 9000-stoppeelbewerker.**

### Werkverrigting

Die Optimer XL 9000 by Val Boeredag se skottels van 620 mm verseker 'n diep sny-aksie verseker. Dit gee ook 'n grondvryhoogte van 960 mm, wat die moontlikheid van verstoppings uitskakel.

"So kan jy lang stoppels gemaklik sny en goeie materiaalvloei hê," sê Mike Lombaard van Rovic.

In die vervoerposisie trek die skottels van die Optimer 9000 terug sodat die boer maklik oor kontoere kan beweeg. 'n Werwel wiel aan die kant van die werktuig tel op indien daar 'n versperring is.

Boere kan die werktuig met een van vyf soorte rollers bestel. Die Optimer by Val Boeredag het die dubbel-U-rollers gehad, wat geskik is vir 'n wye reeks grondtoestande.

Die middelseksie van die stoppeelbewerker is swaar om te sorg dat die

"Die Optimer 9000 het gerieflike drahouers vir die hidrouliese pype. Die houers is verstelbaar om by verskillende trekkers aan te pas," verduidelik Mike.

Die sleephaak het verskeie groottes balle om by die boer se trekker aan die pas. Daar is gatgroottes van 42 mm, 52 mm en 71 mm en die haak is met 'n hidrouliese domkrag toeges.

"Dit is maklik om die werktuig aan en af te haak as jy alleen is, en die domkrag word van die trekker se hidrouliese stelsel af beheer," sê Mike.

Die werktuig het plekhouders wat ingesit en uitgehaal kan word sodat die trekhaak altyd horisontaal loop aan verskillende trekkers.

### Maklike verstellings

Een van die aantrekkingskragte van die Optimer is dat dit maklik is om verstellings aan die werktuig te maak om



**Die Optimer 9000 kan met een van vyf soorte rollers aangekoop word. Hier is die dubbel-U-rollers vir 'n wye reeks grondtoestande.**

Vir navrae besoek gerus Rovic se webtuiste by [www.rovic.com](http://www.rovic.com).



NEW HOLLAND GENESIS® T8- & T9-REEKS MET PLM INTELLIGENCE™



# INNOVASIE ONTMOET INTUÏSIE



New Holland se **GENESIS® T8 trekker** gebruik die volledig geïntegreerde, gevorderde PLM Intelligence™-platform en dit maak nie saak waar jy is nie, jy is altyd gekoppel aan intydse insigte, inligting en ondersteuning met MyPLM™Connect.

**Modelle: T8.320 (184 kW), T8.350 (206 kW), T8.380 (229 kW), T8.410 (250 kW)\*, T8.435 (295 kW)\***

\*SmartTrax-modelle beskikbaar met verskillende grootte rusperbande, standaard toegerus met kajuitvering. Volledige Ultra Command™-kragkakeling en opsionele Auto command™-palwisseltransmissie-opsies (CVT) beskikbaar oor die hele reeks.

New Holland se **T9 trekker** met PLM Intelligence™ wys die beste van New Holland se krag, gemak, doeltreffendheid en veelsydigheid.

**Modelle: T9.450 (302 kW), T9.505 (340 kW), T9.560 (378 kW), T9.615 (404 kW), T9.670 (447 kW)**

**'n Nuwe vlak van konektiwiteit en produktiwiteit.**



**MYPLMCONNECT**

**3 jaar RTK+ met data-oordrag asook telematika.**



Kontak jou New Holland-handelaar vandag of skakel:

Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal en Mpumalanga

Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

Vir huidige aanbiedinge  
besoek [newholland.co.za](http://newholland.co.za)



[www.newholland.com/za](http://www.newholland.com/za)



**NEW HOLLAND**

SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN



# Boere verkyk hulle aan New Holland se nuwe trekkers en nuwe tegnologie

deur Ashleigh Schubert

**N**ew Holland is teen dié tyd al 'n legendariese, gesogte naam in die landboubedryf. Jare se navorsing en verfyning het hulle gebring tot die suksesvolle masjiene wat hulle vandag vervaardig.

Net so bekend soos hulle naam, is hulle trotse trekkers!

Jaco du Preez is die bemakingsbestuurder van New Holland, Suider-Afrika. Hy vertel meer oor die PLM-intelligensie wat al sinoniem met 'n New Holland-trekker is.

## Wat is PLM-intelligensie?

"PLM-intelligensie is ons *sidewinder*, *ultra-command* beheer-arm," begin hy.

Op hierdie beheer-arm is al jou verstelings. "Jy kan jou stuurstelsel daar hanteer, jou telematika, jou hidroulika. Tot jou lugversorging en radiokontrolle sit alles op een paneel."

Die beheerarm is dieselfde in die T9-, T8- en T7 HD-reekse trekkers. Verder het hulle die 12-duim IntelliView-skerm wat opgedeel kan word, sodat jy meer as een funksie op 'n slag op die skerm kan sien.

Jaco is trots op New Holland se verskeidenheid trekkers, en brei uit oor die verskillende opsies wat hulle vir die boer bied.



**New Holland se indrukwekkende T9 trekker met PLM-intelligensie het die skare by Val Boeredag behoorlik aan die gons gehad.**

"Ons T9-trekkerreeks strek van 300 tot 450 kilowatt. Dit is ons groot knaker-trekkers." Dié trekkers is so gebou om baie krag te hê en doen gewoonlik grondvoorbereidingswerk.

Die Genesis T8-trekkerreeks is tussen 184 en 295 kilowatt. "Hierdie trekkers is gewild vir die lang wielbasis, die langste in hierdie klas op die mark, en die reguit aandrywing. Sodoende verloor jy minimum krag en jy kry al jou krag op die grond. Dit is nie net kragdoeltreffend nie, maar bespaar ook

jou brandstof."

New Holland se splinternuwe T7 HD-trekker is vanjaar by NAMPO bekendgestel, vertel Jaco. "Hierdie trekker het dieselfde kontroles, maar dit is 'n vlak 5-trekker op die uitlaatskaal. Dit is dieselfde as wat 'n mens in Europa en Amerika sou kry."

Die bogenoemde is groot woorde wat vir die boer en die natuur een ding beteken: skoner uitlaatgasse. Verder het hierdie bul die CVT-outomatiese ratkas, voorvering, kajuitvering en al die nodige hidroulika.

In die T7 HD-reeks het hulle tans net die 221-kilowatt trekker, maar Jaco skimp dat daar moontlik later 'n groter en kleiner een ook bekendgestel gaan word.

## Hierdie New Holland T8-trekker pronk met dubbelwiele by die Val Boeredag.



Vir meer inligting kan jy die New Holland-webblad besoek by [www.newholland.com](http://www.newholland.com) of jou naaste handelaar kontak.




**Jaco du Preez glimlag breed oor die uitstaande kenmerke van New Holland-trekkers.**



**Die hele gesin kan breed glimlag met so 'n T7 HD-trekker op die werf, want dit speel sommer vinnig klaar met elke taak.**



# **Jumil<sup>®</sup> GLOBAL MAX**



**760mm OR 900mm  
6 Row OR 8 Row Available  
Conventional OR No-Till  
Fertilizer coulters OR Tynes**

**VALTRAC**  
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

☎ 0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863

🌐 [www.valtrac.co.za](http://www.valtrac.co.za) 📌 Valtrac South Africa 📺 Valtrac



# Herlewingslandbou: Na 20 jaar is geenbeweringsplanters hier om te bly

deur Bianca Henning



Geen taak is te groot vir die Jumil Global Max-geenbeweringsplanter nie.

**A**lles kos die boer al hoe meer geld – diesel, arbeid, tyd, kunsmis, saad ... Dit beteken dat die boer die meeste waarde uit elke sent moet pers en niks moet vermors nie. Een manier om geld te bespaar en opbrengste te verhoog is geenbewerking, 'n stelsel waar die grond so min as moontlik versteur word en soveel oesreste as moontlik op die saadbed te laat om vog te bewaar, gondlewe te bevorder en grondtekstuur te verbeter. Maar daarvoor het jy 'n planter nodig wat sy man kan staan.

Wynn Dedwith boer buite Parys in die Vrystaat, waar hy 'n groot saai-boerdery en melkery behartig, en hy is ook die stigter en eienaar van Valtrac, die voorste verskaffer van puik trekkers en landbouwerktuie. Wynn gesels graag oor geenbewerkingplanters en die voordele daarvan vir jou boerdery.

## Oortuiging

Tydens 'n besoek in Brasilië en Argentinië in die laat 90's was Wynn vir die eerste keer blootgestel aan geenbewerking. Dit het dadelik sy belangstelling gewek. Hy vertel: "Ek het toe self 'n bietjie met geenbewerking geëksperimenteer op 'n tefland hier op die plaas."

Wynn sê: "Ons het destyds op die konvensionele manier geplough en

geplant, en aan die einde van die seisoen was die grond so hard dat jy nie eers 'n steekstok in die grond kon druk nie. Boonop was daar geen organiese materiaal in die grond nie. Maar in die tefland wat nie bewerk was nie, was dit 'n ander saak. Dit het my kop begin swaai en dit is wat my juis inspireer het om met geenbeweringsplanters te plant.

"Van die eerste jaar wat ek op die geenbeweringsmetode geplant het, het ek nog nie 'n verlies in opbrengs gehad nie. Veral in die droër jare is daardie deklaag wat jy bo-op die grond het ongelooflik waardevol. Dit is amper soos 'n kombers op die grond wat jou grond beskerm en die verdamping van die vog in die grond beperk. Jaar na jaar kon ek sien hoe my grond en grondstruktuur verbeter het," sê hy.

Wynn meen: "Ek het ook besef geenbewerking beteken nie noodwendig honderd persent geenbewerking nie. Wanneer jy probleme of verdigting kry, of wanneer die stroper die land vasgetrap het, dan moet jy tog steeds iets daaromtrent doen. Alles gaan op die ou einde oor die bestuur van jou grond."

## Voordele van geenbewerking

Die oogmerk met die stelsel van geenbewerking is om die bogrond so

min as moontlik te versteur en soveel organiese materiaal en plantreste as moontlik op die grond te laat.

Wynn lig die voordele van geenbewerking uit: "Geenbewerking verminder erosie, verhoog die waterhouvermoë van die grond, verminder afloop van water, bewaar vog, verhoog die bedrywighede van mikro-organismes, verminder verdigting, bespaar tyd en brandstof en verlaag jou totale produksiekoste en kapitaalgoedere.

"Mettertyd sal jy ook agterkom jou onkruiddruk raak minder," voeg hy by.

Wanneer jy met Wynn gesels oor geenbewerking is sy geesdrif daarvoor aansteeklik! Hy verklaar: "As ek moet ophou met geenbewerking, hou ek op boer!"

## Valtrac se geenbeweringsplanters

Wynn vertel: "In 1998 het ek die heel eerste Tatu-geenbewerkingplanters ingevoer en Jumil was in daardie stadium direkte invoerders. Ons het destyds 'n tweede maatskappy begin, genaamd Crop-Tech, waarna Jumil ons genader het om die invoerders en verspreiders van Jumil-planters ook te word. Mettertyd het ons die twee maatskappye geïnkorporeer."





**SHELL  
LUBRICANT  
SOLUTIONS**

# Leading the way Forward


## Innovative solutions to power your future

Downtime isn't an option during critical seasons. Shell recognizes the crucial need for uninterrupted operations, providing tailored solutions that reduce downtime and enhance efficiency, specifically crafted to meet your distinctive challenges. At the heart of our partnership is a 17-year track record of global leadership in the lubricants market, proving our commitment to innovation and sustainability.

Partner with us and lead the way forward with innovative solutions to power your future. Together, we can redefine what's possible.

Explore our solutions at [www.shell.co.za](http://www.shell.co.za)

SHELL SUPPORTING  
**FARM  
OF THE  
FUTURE**



LEARN MORE



**#ShellLeadingTheWayForward**





**Tatu COP Suprema-planters in 2003.**

Hy sê: "Vandat ons die Tatu-geenbewerkingsplanters begin invoer het, het ons groot sukses met hulle gehad en van hulle loop vandag nog!"

Vandag bied Valtrac sowel Tatu- as Jumil-geenbewerkingsplanters aan boere. Een van hulle vlagskip-geenbewerkingsplanters is die Jumil Global Max-geenbewerkingsplanter.

### Jumil Global Max-geenbewerkingsplanter

Die Jumil Global Max-geenbewerkingsplanter het die manier waarop gewasse geplant word, verander. Wynn sê: "Hierdie planter bied ongekende akkuraatheid en produktiwiteit danksy sy gevorderde kenmerke. Die konstruksie van die planter laat akkurate aanplanting toe, wat weer een-vormige spasiëring waarborg en saadvermorsing tot die minimum beperk."

Wynn sê: "Die Jumil Global Max-planter word vervaardig met materiaal van hoë gehalte en die nuutste tegnologie om selfs deur die mees veel-eisende boerdery-omgewings te hou. Die planters is robuus en die hoëgehalte-konstruksie beteken dat jy dit nie so gereeld hoef te vervang nie, en dat dit baie lank betroubaar sal bly werk."

Hierdie planter se voorpuntkomponente stel boere in staat om goed ingeligte keuses te maak wat oesopbrengste verbeter terwyl hulpbronvermorsing verminder word.

Wynn vertel dat die planters min onderhoud verg en dat onderdele vrylik beskikbaar is: "Die planters se laers is ongelooflik goed en sterk. Ons ontvang terugvoer vanaf kliente wat getuig dat hulle nie kan glo hoe goedkoop en maklik dit is om die planters te onderhou nie."

"Wanneer dit kom by presisie, doeltreffendheid en volhoubaarheid in die

landbou, is die Jumil Global Max-planter 'n voorloper," sê Wynn.

### Belangrikste eienskappe wanneer 'n geenbewerkingsplanter oorweeg word

Wynn sê: "Een van die belangrikste goed waarop boere moet let wanneer hulle na 'n geenbewerkingsplanter kyk, is om seker te maak die planter het ordentlike kouters voor. As jy nie deur jou stoppel kan sny nie, dan gaan jou planter nie plant nie."

"Die plantereenheid aan die agterkant moet swaar genoeg wees om behoorlik in die grond in te dring. As jou planter nie in die grond bly nie, gaan jy nie 'n konstante plantdiepte kry nie," meen hy.

Wynn se raad aan boere wat wil oorskakel na geenbewerkingsboerdery is: "Die belangrikste is dat jy seker maak jou grond is reg. Jou pH en bekalking (suur) moet reg wees, en jy moet seker maak jy het nie verdigtingslae in jou grond nie. Dit is baie makliker om jou grond reg te kry voordat jy oorskakel na geenbewerking as na die tyd."

Wynn nooi enige boer wat meer inligting oor geenbewerkingsboerdery of geenbewerkingsplanters wil bekom, om hom te kontak by (+27)82-554-9202 of (+27)56-817-7338, of stuur 'n e-pos aan [sales@valtrac.co.za](mailto:sales@valtrac.co.za). Besoek ook die webtuiste [www.valtrac.co.za](http://www.valtrac.co.za) om hulle hele reeks toerusting te sien.

## ALZU VOERE/FEEDS LICK BLOCKS Supplements for Success



**AVAILABLE AT ALZU FEEDS BRANCHES**

[www.alzu.co.za](http://www.alzu.co.za) | 013 249 8900



**VERSATILITY,  
PRECISION,  
PERFORMANCE.**



Scan this QR code or visit  
[www.manitou.com](http://www.manitou.com) for  
more information.

**End-to-End Solutions: Sales • Services • Training • Parts**

Tel: +27 11 601 3000  
Email: [info.msa@manitou-group.com](mailto:info.msa@manitou-group.com)  
[www.manitou.com](http://www.manitou.com)

Represented throughout the African continent through our network of dealers.

**MANITOU**  
HANDLING YOUR WORLD

**KAGIMA**  
TRUCK & TRAILERS SALES & PLANT EQUIPMENT



Sales



Valuations



Buying

Trucks, Trailers & Earthmoving Equipment

**FOR SALE**

We have a large variety of units  
available, from 4 ton trucks to  
truck tractors with tautliner, side  
tipper and cattle trailers.



Eugene - 082 556 1808 |  
[eugene@kagimatruck.co.za](mailto:eugene@kagimatruck.co.za)  
Johandre - 060 992 2898 | [johandre@kagimatrucks.co.za](mailto:johandre@kagimatrucks.co.za)  
Heinrich - 076 499 3482 | [heinrich@kagimatruck.co.za](mailto:heinrich@kagimatruck.co.za)

[www.kagimatrucks.co.za](http://www.kagimatrucks.co.za)



# Karat 12: LEMKEN-lande is gewasse se droom



deur Benine Ackermann

**D**ie tyd van lande brand is verby. Werktuie soos LEMKEN se Karat maak die lewe vir boere rook- en besoedelvry en sorg vir 'n mooi, egalige saadbed wat plante nodig het om 'n beter opbrengs te lewer. Ru-EI de Wet van Le Wettin Boerdery, 'n besproeiingsboer buite Hopetown, gebruik al vir die derde jaar sy 5-m Karat 12 en is baie tevrede.

Hy gebruik die Karat in die winter om die mieliereste in te werk voordat hy sy koring plant. Die werktuig bewerk so 30 hektaar per dag of so 3,5 hektaar per uur by hulle op die plaas.

"Die Karat help beslis dat jy nie jou kaf hoef te brand nie. Die kaf se koolstof word dan in die grond ingewerk. Jy wil ook nie te veel kaf hê nie, want dit is 'n broeiplek vir swamme. Die Karat werk die kaf lekker in en vermeng dit deeglik met die grond sodat dit afbreek om die grond te verryk en die tekstuur te verbeter.

"Die chemiese stowwe soos gif en kunsmis wat ons in die grond plaas kan dan verminder word soos die mikro-organismes wat die grond verbeter toeneem," sê Ru-EI.

Verder noem Ru-EI dat die grond-



**Die Karat 12 van LEMKEN vermeng die kaf deeglik in die grond in om 'n egalige saadbed te vorm.**



**Ru-EI de Wet en sy broer, Stephan de Wet, by die Karat 12 van LEMKEN. Ru-EI gebruik die werktuig om sy saadbed reg en mooi voor te berei voordat hy plant.**

struktuur veral ook bros is vandat hy die Karat gebruik en dit is wat 'n boer wil hê.

Die Karat is 'n geharde en robuuste werktuig wat in verskillende grondtipes kan werk. Dit is ook maklik vir Ru-EI om die werktuig tussen sy lande te vervoer omdat hy opvou.

"Die Karat help ook met ons tyd-bestuur omdat lande minder bewerking benodig," voeg hy by.

Die Karat 12 het 4 balke teenoor die Karat 9 se 3 balke waarop die tande geplaas is. Dus is die intertandspasiëring kleiner en kan meer volume reste hanteer word. Dit het tot gevolg dat verdigting baie beter opgehef word, en verbeter ook die vloei en vermenging

van grond en plantreste.

Die werktuig verg min en maklike onderhoud en onderdele is maklik verkrygbaar by AMC Agriculture in Hope-town. Ru-EI is ook baie tevrede met die kudige raad en diens wat LEMKEN se mense bied.

Vir meer inligting oor LEMKEN se vernuftige blou werktuie, kontak Karel Munnik by **082-412-2577** of [k.munnik@lemken.com](mailto:k.munnik@lemken.com); Blackie Swart by **082-404-9651** of [b.swart@lemken.com](mailto:b.swart@lemken.com). Gaan kyk ook op die webwerf, [www.lemken.com](http://www.lemken.com), wat LEMKEN alles vir jou boerdery bied.





# IS JOU GRANE VERSEKER?



Niemand kan die toekoms voorspel nie, maar ons kan dit vir jou beskerm

## INKOMSTEWAAARBORG

Hierdie versekeringsprodukt is gegrond op 'n gewaarborgde inkomste en verseker die produsent teen randwaarde per hektaar.

Twee veranderlikes word dus tydens eise in berekening gebring naamlik: Prys (SAFEX) en Opbrengs (Ton/ha). Dekking is vir Mielies, Sonneblom en Sojabone.

## WATTER SOORT SKADE WORD GEDEK?

Droogte, Brand, Hael, Transito, Oormaat Reën, Onbeheerbare plantsiektes en -insekplae, Oormatige hittegolwe en Ryp.

## IS ALLEENSTAANDE HAELDEKKING BESKIKBAAR?

Ja, iMPAC Cropsure bied ook alleenstaande haelversekering.

## GEWASSE HIERONDER GEDEK SLUIT IN:

Mielies, Graansorghum, Sonneblom, Sojabone, Droëbone, Grondbone, Aartappels en Katoen.

## WAT IS WINTERGEWASSE?

Koring, Gars en Hawer.

## WATTER SOORT SKADE WORD GEDEK?

Hael, Brand en Transito, asook Ryp indien ingesluit.

VIR MEER INLIGTING KONTAK U AGENT OF IMPAC CROPSURE: +27 [0] 12 010 0697 | [info@impaccropsure.co.za](mailto:info@impaccropsure.co.za)



# AGRI BATE VERSEKERING

Omvattende Versekering vir Landbou Bates

## ONS BELOFTE

Gemoedsrus en dekking vir jou landbou bates ten alle tye. Nou kan jy ten volle fokus op jou boerdery aktiwiteite. Ons personeel het 'n passie vir dienslewering en die regverdigde hantering van alle geldige eise.

*Ons produk is kompetender en die dekking is uitstekend in vergelyking met ons konkurrente.*

## ONS DEKKING

*Ons bied omvattende dekking vir skade veroorsaak deur:*

Brand | Weerlig | Storms | Wind | Oorstromings | Diefstal | Ongelukke Ander onvoorsiene gebeure buite jou beheer soos beskryf in die bepalings van ons Polis.

*Dekking is onderworpe aan uitsluitings en uitbreidings soos omskryf in ons Polis.*

## DIE POLIS BIED DEKKING VIR:

Geboue (huise, store, kantore) | Roerende Bates (huisinhoud en elektroniese- en meganiese toerusting) | Sonkrag installasies Voertuie | Trekkers | Stropers | Plaas implemente | Ooneerlikheid, ongelukke, beserings en dood van jou werknemers | Persoonlike- en gemeenregtelike aanspreeklikheid.

VIR MEER INLIGTING KONTAK U AGENT OF IMPAC AGRI BATES:

+27 [0] 12 010 0697 | [wim@impacuma.co.za](mailto:wim@impacuma.co.za)



# Tegnuus

## Die nuutste in landboutegnologie van regoor die wêreld

### Steyr toets waterstofbrandstof-konsep

Die Oostenrykse trekkervervaardiger, Steyr, toets 'n waterstofbrandstofsels-aangedrewe trekker gegrond op 'n aangepaste weergawe van 'n 4140 Expert CVT.

Dit is 'n gesamentlike projek tussen ingenieurs by die CNH-trekkeraanleg in St Valentin en die TU Universiteit in Wene. Die dieselmotor in die FCtrac, soos dit genoem word, is vervuil vir 'n 14-kWh hoogspanningbattery en 400 V elektriese stelsel. Die dieselmotor word vervang met 'n saamgeperstewaterstof-opbergingstelsel.

Die resultaat ontwikkel 95 kW (130 pk) wat dieselfde is as die dieselekwivalent van die trekker, en die enigste vrystelling van die kragteenheid in die brandstofseltrekker is waterdamp.

Daar word gesê dat die 310 liter waterstof in die vier tenks op die dak van die trekker, voldoende is vir 'n halwe dag se ligte werk. Die trekker is 42 cm hoër as die standaard 4140 Expert CVT, en die FCtrac se gewig van 7,2 ton is 20 persent meer.

Waterstof vir die toetstrekker word vervaardig uit houtspaanders wat verwerk word in 'n gekombineerde hitte- en kragentrale in die Oostenrykse streek van Karintië. Die klein waterstofinstallasie en vulstasie kan in 'n vraghouer op die plaas pas. (Bron: Mechaman/profi)

### Kuhn brei hulle Prolander-reeks uit tot 14 m

In die groeiende soeke na wyer werktuie wat vinniger werk, het Kuhn Farm Machinery 'n drietal wyer modelle by sy Prolander-kultivarreeks gevoeg; die 9000 (9,2 m), 12000 (12,2 m) en 14000 (14,2 m). Al drie is geskik vir spoorverkeerstelsels.

Die nuwe modelle is gemik op gebruikers wat 'n veelsydige en hoë-uitsetwerktuig benodig vir 'n verskeidenheid grondtoestande. Soos die kleiner boeties in die reeks, kan die wyer modelle 'n



Hierdie Steyr-trekker kan op waterstof loop.

Prolander-reeks en die nuwe 90 x 13 mm S-tand is glo ideaal om stoppels te 'skeur' om 'n volledige mengsel van oppervlakmateriaal te waarborg. Bestaande tandopsies is beskikbaar, insluitend die 70 x 12 mm S-vormige tand en 60- of 200-mm gansvoettande. Dubbele U- of dubbelbuisrollers kan ook bygevoeg word.

"Die Prolander het die afgelope seisoene in gewildheid toegeneem as gevolg van sy veelsydigheid en gebruiksgemak," sê Edd Fanshawe, Kuhn se produksiespesialis vir akkerbou en gekoppelde dienste. "Die wyer modelle verhoog die aantrekkingskrag vir

reeks saadbeddings bewerk, insluitend geploegde, bewerkte of stoppellande.

Werkdieptes van 3 tot 12 cm is moontlik vir al agt modelle in die

boere wat 'n tandwerktuig benodig wat in staat is om 'n wye reeks operasies uit te voer met 'n beskeie kragbehoefte van 18,6 tot 26 kW/m."



Kuhn se Prolander-reeks kan nou tot 14 meter wyd werk.





**mahindra**  
**ALBERTON**

EXPERIENCE OUR NEW

**24** <sup>HR</sup> **TEST DRIVE**

TRY IS BEFORE YOU BUY IT

Ts and Cs

PIK UP KAROO DUSK

**DEAL UP TO**  
**ASSISTANCE TO** **R50 000**



**RVMG**

**MAHINDRA ALBERTON**

**087 803 1108 [WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA](http://WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA)**

OFFER EXCLUSIVE TO MAHINDRA ALBERTON ONLY. Ts and Cs apply.

**WHILE STOCKS LAST**



Die vyf kleiner modelle van 4 tot 7,5 m is nou beskikbaar met 'n 600-liter saadbak wat ontwerp is om dekwasse en klein saadjies in 'n enkele bewerking te saai. Saaiopsies vir die nuwe groter modelle sluit Kuhn se TF 1512-voortenk in.

Die nuwe modelle is beskikbaar in Europa.

## Hommeltuie vasgevang in 'n politieke handelsoorlog: Amerikaanse boere kan die prys betaal

In die voortslepende politieke handelsoorlog tussen die VSA en Sjina sal Amerikaanse boere dalk binnekort van hulle DJI-hommeltuie ontslae moet raak – die hommeltuie wat die meeste vir boerderydoeleindes gebruik word, soos bespuiting.

Die Countering CCP Drones Act (HR 2864) sal toerusting en dienste van DJI byvoeg tot iets wat die 'gedekte lys' genoem word. Dit sal verhoed dat DJI FCC (Federal Communications Commission) lisensies vir toekomstige hommeltuigmodelle kry, en moontlik lei tot die herroeping van bestaande FCC-magtigings.

Dit sal slegte nuus wees vir Amerikaanse boere, wat die afgelope paar jaar hulle gebruik van spuithommeltuie geleidelik verhoog het, met 1,4-miljoen hektaar wat in 2023 deur hommeltuie bespuit is oor 41 state en 50 gewasse, meestal deur Sjinees-vervaardigde hommeltuie, het Taylor Moreland, uitvoerende hoof van Agri Spray Drones, aan AgFunderNews gesê.

"Om nie mense toe te laat om Sjinees-vervaardigde hommeltuie in landelike gemeenskappe te bedryf nie, sal werkseleenthede in landelike Amerika vernietig."

Die rede vir hierdie stap is die vrees dat Sjina inligting wat deur hommeltuie versamel is en in die kuberruim ingestuur word, kan gebruik tot hulle eie voordeel. In 'n intelligensiebulletin van die Departement van Binnelandse Veiligheid word gesê: "Die Sjinese regering gebruik waarskynlik inligting wat van DJI-stelsels verkry is as 'n manier om bates te teiken wat hulle beplan om te koop. Byvoorbeeld, 'n groot famieliewynplaas in Kalifornië het DJI UAS gekoop om sy wingerde te ondersoek en druiweproduksie te monitor. Kort daarna het Sjinese maatskappye wingerde in dieselfde gebied begin aankoop."

Arthur Erickson, uitvoerende hoof van die Amerikaanse hommeltuigvervaardiger, Hyllo, het gesê: "Ek glo wel daar is wettige veiligheidskwessies, hoewel ek nie dink 'n volstreekte verbod is noodwendig die regte strategie nie. Ons is al jare in 'n landbou-inligtingsoorlog met Sjina en hoewel dit nie gevaarlik klink nie, as jy genoeg hommeltuie het wat genoeg saailande se inligting kry

en spuit om 'n groot genoeg monster-grootte te kry, kan jy met KI en moderne data-ontleding 'n redelik goeie voorspelling maak oor hoe Amerikaanse landbouproduksie vir 'n gegewe seisoen gaan lyk. En dit gaan Sjina ekonomiese hefboomkrag gee.

"As jy oor oordeelsdagsenario's wil praat, as hulle genoeg hommeltuie gehad het, kan hulle vir 'n hele seisoen oorspuit en gewasse uitwis."

Ander Amerikaanse hommeltuigvervaardigers gaan 'n bietjie verder. Adam Bercu, uitvoerende hoof van Guardian Agriculture, het gesê: "Hierdie toestelle word deur die federale regering as chemiese wapenafleweringstelsels geklassifiseer. Is dit goed om duisende masjiene te hê wat meer as 40 liter gif kan dra wat van 'n afstand af beheer kan word en aan 'n vyandige buitelandse entiteit gekoppel kan word?"

Plaaslike Amerikaanse hommeltuigverskaffers sal natuurlik grootliks baat vind as DJI uit die VSA gejaag word, maar hulle glo hulle kan die mark met beter produkte bedien.

Adam sê: "Ons moet die beste produkte moontlik vir Amerikaanse

Intussen ontken DJI enige bedreiging vir Amerikaanse belange en het aangevoer dat ondersteuners van die wetsontwerp "onakkurate en ongegronde bewerings rakende DJI se bedrywigheede maak deur xenofobiese vrese te versterk in 'n strewende om plaaslike hommeltuigvervaardigers te ondersteun en markmededinging uit te skakel."

"DJI-hommeltuie versamel nie vlug-logboeke, foto's of video's by verstek nie. Operateurs moet inteken om hierdie data met ons te deel," verduidelik 'n onlangse aanlynplasing deur die maatskappy, wat eerder gevra het vir die vestiging van bedryfswye sekuriteitsstandaarde wat "tegnologie-gegrond is, nie op die land van herkoms nie".

Met betrekking tot hommeltuie wat skielik in die middel van 'n vlug hulle eie ding begin doen, sê die maatskappy: "Diegene wat bykomende voorsorgmaatreëls wil tref, kan maklik kies om plaaslike datamodus te aktiveer (en selfs hulle selfoon se 'vliegtuigmodus' aan te skakel) vir gemoedsrus. Dit beteken die vlugtoepassing is heeltemal ontkoppel van die Internet en is soortgelyk aan 'n lugkamera."



'n DJI-spuithommel in aksie: Vriend of vyand? (Foto: Rantizo)

produksie hê en ek dink die Amerikaanse boer word onderbedien deur produkte wat ontwerp is vir die plaaslike Sjinese mark wat onvanpas is vir Westerse produsente. Ons produktiwiteit per dollar op die masjiene en bedryfskoste per akker is 70 tot 85% minder as die Sjinese hommeltuie omdat ons hommels gebou is vir produktiwiteit in Westerse styl.

"Ons dink die Amerikaanse regering moet die binnelandse bedryf ondersteun, aangesien Sjina duidelik sy binnelandse bedryf ondersteun. Ons het gesien hoe die Amerikaanse regering dit met elektriese voertuie doen en so iets sal baie sin maak met hommeltuie, waar baie lande skarrel om plaaslike vermoëns te ontwikkel."

'n Plaaslike verskaffer van DJI-hommeltuie stem saam dat dit vreesskemping is. Bryan Sanders, president van die hommeltuigmaatskappy HSE en veteraan in die hommeltuigbedryf, het gesê: "Dit is nou die in-ding om 'anti-Sjina' te wees en DJI het soort van die swartskap geword in dit alles, maar hierdie tegnologie bied niks wat jy nie kan versamel uit ander openbare beskikbare bronne oor gewasproduksie nie. As jy produksiekaarte wil sien, gaan na Google Earth. As jy wil sien watter plaagdoders gebruik word en in watter hoeveelhede, kan jy na die EPA-webwerf gaan."

Lees die volledige artikel oor [www.agfundernews.com](http://www.agfundernews.com). Soek vir "ag spray drones battle heats up".



# SKAKEL OOR NA SON EN WIND KRAG EN SPAAR

TOT  
**40%**  
AFSLAG



**Sonkrag  
Oplossings**



**Wind  
Oplossings**



**Water  
Oplossings**



**Gas  
Oplossings**



**SMS die woord "solar"  
na 43366**



**+27 12 809 2281**



**[www.power-africa.co.za](http://www.power-africa.co.za)**



**[CC@POWER-AFRICA.CO.ZA](mailto:CC@POWER-AFRICA.CO.ZA)**



Skandeer om kwotasie te kry





# Gebruik die natuur om die ligte aan te hou:



## POWER AFRICA wys jou hoe

Met elektrisiteitspryse wat konstant verhoog word en 'n onbetroubare elektrisiteitsnetwerk, soek verbruikers na nuwe langtermynoplossings.

"Dit is juis in die landbousektor waar volgehoute energie van uiterste belang is, en daar waar die impak van Suid-Afrika se energiekrisis die hardste gevoel word," sê Francois Botha, direkteur van Power Africa.

Power Africa is op die voorpunt van volhoubare energievoorsiening en glo in 'n toekoms waar die krag van die natuur gebruik kan word om betroubare, volhoubare-en bekostigbare energie op te wek.

Met hulle kraakvars oplossings in son-, gas-, wind- en waterbestuur streef hulle daarna om die manier waarop Afrika energie verbruik, te verander. Die onderneming het meer as vyftien jaar ondervinding en agt suksesvolle takke regoor Suid-Afrika.

### Sonenergie

- Sonkrag kan enige plek in die wêreld gebruik word en is elke dag beskikbaar.
- Jy geniet verlaagde uitgawes omdat 'n gedeelte van jou krag deur sonpanele opgewek word. Die omvang van jou kostebesparing hang af van die grootte van jou stelsel en hoeveel energie gebruik word.
- Sonenergie kan gebruik word in gebiede waar dit onmoontlik is om aan 'n elektrisiteitsnetwerk gekoppel te word.
- Dit is genoeg om net jou sonpanele 'n paar keer per jaar skoon te maak en omdat daar geen bewegende dele is nie, is daar geen slytasie nie. Die omskakelaar hoef net elke vyf tot tien jaar vervang



**Power Africa se windturbines kan jou ligte aan hou wanneer die son nie skyn nie.**

te word, so die enigste onderhoud is om te verseker dat jou kables in 'n goeie toestand bly om jou netwerk stabiel te hou.

- Sonpanele verhoog die waarde van jou eiendom en kopers verkies 'n eiendom met 'n selfonderhoudende kragnetwerk.

### Windturbines

Power Africa bied nou 'n nuwe produk aan in die vorm van windturbines, wat by bestaande sonkragstelsels gevoeg kan word om 'n deurlopende kragvoorsiening te verseker.

"Hierdie toevoeging waarborg dat ons boere toegang het tot betroubare en volhoubare energie-oplossings wat nie net hulle daaglikse bedrywighede ondersteun nie, maar ook bydra tot die groei en sukses van die sektor oor die langtermyn.

deur Natasha Pretorius

"Die fokus op windkrag is nou noodsaakliker as ooit tevore, veral in die landbou waar elke seisoen unieke energie-uitdagings bied. Windkrag, as 'n hernubare energiebron, bied aansienlike voordele: dit vermindert die afhanklikheid van onstabiele elektrisiteitsvoorsiening en maak ons landboubedrywighede meer volhoubaar en kostedoeltreffend. Dit is 'n kritieke stap in die rigting van 'n volhoubare toekoms vir ons boerderygemeenskap en die beskerming van ons omgewing," meen Francois.

Windturbines is beskikbaar in horisontale en vertikale konfigurasies, en elkeen is ontwerp vir 'n spesifieke aanwending.

Vertikale windturbines kan die wind vanuit enige rigting opvang en is baie stil. Dit maak dit die perfekte keuse vir stedelike of woongebiede. Hierdie turbines kan opmekaar gestapel word om kraglewering te verbeter.


Horisontale windturbines is meer geskik vir grootskaalse windplase. Hulle grootte maak hulle ongeskik vir woongebiede. Horisontale turbines moet minstens ses meter hoog geïnstalleer word as gevolg van hulle wye vlerkspan.

"By Power Africa strew ons daarna om 'n naatlose ervaring te bied vanaf die oomblik dat 'n klant 'n prysberaming aanvra, deur die hele installasieproses, tot by ons toegewyde naverkoopdiens. Ons verstaan die belangrikheid van betroubaarheid en ondersteuning en verseker dat ons klante toegerus is met die beste moontlike oplossings," sê Francois.



**Volg die skakel om 'n kwotasie te kry.**

**POWER AFRICA**  
Alternative Energy & Lifestyle Solutions



Indien jy op soek is na alternatiewe energieoplossings vir jou huis of boerdery, kontak Power Africa vandag deur hulle webtuiste [www.power-africa.co.za](http://www.power-africa.co.za) te besoek, of stuur 'n teksboodskap "Solar" na 43366. Jy kan hulle ook skakel by 012-809-2281 of 'n e-pos stuur aan [cc@power-africa.co.za](mailto:cc@power-africa.co.za).



# WAYNE

BBF  
SAFETY GROUP

## STEP CONFIDENTLY INTO THE PLANTING SEASON

Wayne's Duralight and Gripper gumboots are designed for the harsh agricultural industry. Developed with sustainability, comfort and durability in mind, both are your essential companions for the season ahead.



### DURALIGHT 1 MEN'S AND LADIES

- Lightweight for enhanced comfort and abrasion resistance
- **Recycled PVC upper** for optimum flexibility and abrasion resistance
- **Recycled PVC sole** provides maximum durability
- Quick-drying nylon liner for optimal hygiene



### GRIPPER

- **Recycled PVC upper** for optimum flexibility and abrasion resistance
- Cleated sole provides maximum slip resistance
- Quick-drying nylon liner for optimal hygiene
- Toe spring for optimal walking and kneeling
- **Recycled PVC sole** for maximum durability

Enjoy comfortable, durable and reliable safety boots from Wayne this planting season.



GUMBOOT SPECIALISTS FOR  
**80 YEARS**  
& COUNTING

[www.wayne-safety.com](http://www.wayne-safety.com)



Find us on  
Facebook  
@WayneSafetySA



# Take a step towards comfort, durability and protection with Wayne's superior quality gumboots



Article supplied

gumboots are produced from recycled materials. The Duralight 1 and Gripper gumboots are both well-recognised in various sectors, especially the Agri-industry. Both styles enjoy a recycled PVC upper and sole that results in a superior, yet cost-effective, recycled gumboot upon which their customers rely and trust.

They have always stayed true to their local roots. All Wayne gumboots are proudly manufactured in South Africa, supporting the local economy while providing South Africans with the safety boots they need to get the job done.

**W**ayne has been Africa's gumboot specialist for over 80 years. Since 1940, no other manufacturer has supplied more industrial and safety gumboots into the African market.

Wayne Safety started manufacturing gumboots an incredible 80 years ago, with Wayne Rubber producing rubber gumboots in KwaZulu-Natal. This began a long tradition of manufacturing superior quality gumboots and serving workers right at the heart of industry. Today, Wayne is one of the foremost PVC and PU gumboot manufacturers in Africa.

Since 1940, they have focused on what they do best – gumboots, and gumboots alone – allowing them to emerge as specialists in their field and

pioneers in both innovation and quality. Their range of superior quality gumboots has been specifically designed to withstand the various hazards faced by those working in a wide range of industries, from mining and agriculture to food processing and hygiene, delivering the best in protection, comfort and durability. With lightweight comfort, maximum slip resistance, soil release, and resistance to oils, fats, and chemicals, their customers trust that Wayne gumboots offer unrivalled protection against any hazards they encounter.

Over the years, they have actively worked to reduce their carbon footprint to achieve their objective of sustainability, and today 35% of all their



Trust in Wayne, Africa's gumboot specialist for 80 years and counting, and enjoy gumboots that are designed to give you the best in protection, durability and comfort. Find out more about Wayne's range of superior gumboots at [www.wayne-safety.com](http://www.wayne-safety.com), and follow them on Facebook to keep up with all the latest news at [www.facebook.com/WayneSafetySA](https://www.facebook.com/WayneSafetySA).





**IRRIGATION  
UNLIMITED**

# IRRIGATION REDEFINED

## BUTTERFLY & WAFER VALVES

PROVEN DURABILITY | PERFECT SEAL | PEACE OF MIND



Butterfly Valve With Di  
Disc




Wafer Check Valve With  
Di Disc



Butterfly Valve With Ss  
316 Disc



**VYRSA**



FOR YOUR NEAREST DEALER, CONTACT:  
PTA +27 12 736 2121 | CPT +27 21 946 1194

Tobie Van Den Heever  
+27 82 658 6054

Henko Cilliers  
+27 71 303 8829

[www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za)





**Besproei jou lande tjoeft-jfaf met die hierdie slim plan.**

# Besproeiing se baas!

**Maak jou lande woerts-warts nat met Irrigation Unlimited se kruipsuite**

deur Ashleigh Schubert

**D**ie boer kom altyd eerste, hy is immers die belangrikste rolspeler in die landboubedryf. Dit is die kern van die grondslag waarop Irrigation Unlimited gebou is.

Dié toonaangewende besproeiingsmaatskappy in Suid-Afrika, ondersteun boere al vir meer as 'n dekade met vernuwende besproeiingsoplossings. Hulle spesialiseer in die ontwerp, installering en instandhouding van besproeiingstelsels wat aan die unieke behoeftes van Suid-Afrikaanse boere voldoen.

Irrigation Unlimited fokus op die optimale gebruik van hulpbronne, insluitend water en energie, om boere te help. Hulle bied praktiese besproeiingsoplossings aan met sorgvuldig gekose komponente en tegnologie. Hierdie benadering is noodsaaklik in 'n tyd waar water- en energiebeperkings 'n werklikheid is. Die maatskappy se toewyding aan gehalte en doeltreffendheid maak hulle 'n betroubare vennoot vir boere wat besproeiing nodig het.

Een van die suksesvolle stelsels wat

hulle aanbied, is die Ocmis water-aangedrewe spuit.

Hierdie kruipsuit, wat geen elektrisiteit benodig waar dit werk nie, maak gebruik van waterdruk en 'n ratstelsel om die sproeierkarretjie deur die land te laat beweeg. In 'n omgewing waar kragtoevoer altyd 'n onsekerheid is, of waar dit moeilik is om krag aan te lê, is hierdie blou bul 'n wenner!

As 'n mens slim werk en in die aand besproei, laat die son ook nie die water so vinnig verdamp nie en kan jou gewasse meer vog opneem.

## Besproei sonder moeite

Die spuit kan met 'n trekker of selfs 'n bakkie na 'n volgende punt verskuif word, wat dit 'n veelsydige en doeltreffende oplossing maak. Die toevoerpyp kan ondergronds op 'n veilige plek

tussen die lande geplaas word waar dit nie in die pad van enige grondvoorbereidingswerk is nie.

Die grootte van die spuit bepaal hoe ver die besproeiingspyp kan uitrol en hoe wyd dit kan spuit. 'n Boer kan ook die spoed waarteen die spuitkarretjie beweeg stel na gelang van die waterbehoefte van die gewasse.

Hierdie sakpasspuit bied 'n praktiese oplossing met min risiko.

Die spuit is van so 'n goeie gehalte dat hulle selfs tweedehands gekoop kan word en steeds splinternuut lyk en werk! Solank jy jou spuit goed onderhou en gereeld olie gee, gaan dit jare lank sonder probleme werk. Sou dit gebeur dat daar iets skeefloop met jou spuit, staan die Irrigation Unlimited-span gereed om jou te help met hulle flink naverkopediens.

Irrigation Unlimited se Ocmis-sproeiers is uitstekend geskik vir Suid-Afrikaanse toestande. Boere kan op hierdie stelsels staatmaak vir die doeltreffende en bekostigbare besproeiing van hulle lande.




**Die wateraangedrewe kruipsuit bied 'n bekostigbare oplossing vir Suid-Afrikaanse boere.**



**Die Ocmis-spuit in aksie.**

Vir meer inligting oor die Ocmis-stelsels, vind uit waar jou naaste verspreider van Irrigation Unlimited se toerusting is deur hulle webtuiste te besoek by <https://iunlimited.co.za/> of kontak hulle by (+27)12-736-2121.





# Winning this Winter

with livestock ring feeders

## Cattle Rings

1.4m & 2.3m

## Cattle Self-feeders

1.85m & 2.45m

## Sheep Ring

1.4m

## Sheep Self-feeder


1.85m

## Goat Hay Rack

3.0m

## Pig Self-feeder

1.85m





# Feeding livestock during the winter

Article supplied

The winter not only brings cold weather and rain in certain areas, but livestock farmers also have to prepare to ensure their animals' nutritional needs are met. When temperatures fall, the animal requires more energy.

Due to the nutritional and mineral values that drop in pastures during these cold times, it is crucial to make sure that your animal is getting enough feed, and the right feed. The reason for a supplement is to provide the animals with the requirements they need that the veld is not giving them.

To correctly grow your animals and to maintain their current weight as well as reaching the target weight, you must regularly weigh your animals with a Tal-Tec scale. This will assist you in developing a feeding and supplement plan based on facts and real needs for the winter.

With Tal-Tec's wide range of feeders for cattle, sheep, goats, and pigs it is easy for the farmer to give his/her animals the feed they need and when they need it.

Tal-Tec has ring feeders with an optional fiberglass bin that goes inside the ring. You put a bale of feed inside the ring, or you can use the bin for fine chop. By using the fiberglass bin, you can add a supplement such as molasses powder to your feeding mix. This results in less feed wastage with a higher feed intake, saving you money and improving the animals' weight.

There are also cattle and sheep self-feeders where you can put feed

in at the top and they can feed from both sides.

The pig self-feeder can only be accessed from one side. The lid at the top opens to insert feed. For goats there is a square bale feeder or a long 3 m goat hay rack.

Let Tal-Tec help you feed your livestock this winter and prevent the animals from losing skeletal weight, reproduction ability and developing a lower immune system.

**These feeders are available in the following options:**

- Cattle feeder rings – 1,4 m and 2,3 m
- Cattle self-feeders – 1,85 m and 2,45 m
- Sheep feeder ring – 1,4 m
- Sheep self-feeder – 1,85 m
- Goat hay rack – 3,0 m
- Pig self-feeder – 1,85 m



Sheep feeder ring and bin.



Bale stand feeder.



# ODEX BORING



## Die voordele verduidelik:

**ODEX-boorwerk** dring doeltreffend deur verskeie geologiese formasies, van grond en sand tot grondrots, wat mineraaleksplorاسie en konstruksie projekte vergemaklik. Hierdie metode verseker vinnige en betroubare boorgatskepping terwyl omgewingsimpak tot die minimum beperk word.

**ODEX-boorwerk** ondersteun volhoubare ontwikkelings praktyke deur toegang tot kritieke geologiese hulpbronne met minimale omgewings ontwrigting toe te laat. **ODEX boor** boorgate deur grond, sand, gruis en kleistene tot by die rots of 'n geskikte geologiese formasie.



**ODEX boorwerk** bied veelsydigheid om verskeie geologiese formasies binne te dring, insluitend vuil, sand, gruis en kleistene, wat dit geskik maak vir uiteenlopende toepassings soos boor van waterputte, mineraaleksplorاسie en konstruksieprojekte.



In vergelyking met tradisionele boortegnieke, is **ODEX-boor** 'n uiters doeltreffende metode om boorgate deur uitdagende ondergrondse toestande te bevorder, wat boortyd, arbeidskoste en toerusting-slytasie verminder.



**ODEX-boorwerk** minimaliseer versteuring van omliggende ekosisteme en verminder die risiko van omgewings besoedeling deur gevorderde boormetodes te gebruik wat grond- en waterverplasing tot die minimum beperk.



# Winsgewende skaapboerdery deel 29:

## Voerkraalafroning van lammers

'n Nuttige strategie om risiko in landbou te beperk is diversifikasie. In hierdie verband behoort voerkraalafroning 'n integrale deel van 'n skaapboerdery uit te maak om die risiko te verlaag. Winsgewende afroning van lammers verg egter kundigheid en goeie bestuur.

Die skaapboer moet voortdurend uitdagings oorwin om sy onderneming winsgewend te bedryf. Ekstensiewe skaapboerdery is van tyd tot tyd onderhewig aan weidingskaarstes weens ramp- of seisoendroogtes, pryskommelings in die vleismark weens die gehalte van die karkasse wat geproduseer word, asook die veranderinge in die aanvraag en/of aanbod (byvoorbeeld onbeheerde bemarking). Indien 'n boer op 'n hoë vleisprys wil aanspraak maak, sal hy aan verskeie aspekte aandag moet skenk.

### Voerkraalafroning het ten doel om:

- Lammers markklaar te kry in tye van weidingskaarste.
- Kapitaalomset te versnel omdat lammers gouer bemark word.
- Veldagteruitgang en oorbeweiding in droë tye te voorkom omdat dit veebelading verlaag en gevolglik kan veld gouer herstel na reën.
- Druk op weidings te verlaag en weidings kans te gee om gouer te herstel en reserwes op te bou.
- Vleisproduksie per hektaar te verhoog omdat meer teelooie aangehou kan word, want lammers word gouer van die veld verwyder.
- Weiding te spaar en dus byvoeding te verlaag indien dieselfde getal teelooie aangehou word.
- Waardetoevoeging te verseker deurdat gradering verbeter en swaarder karkasse geproduseer word.
- Risiko te versprei, want lammers kan op verskillende tye bemark word.
- Lammers vroeër te speen sodat

ooie gouer gepaar kan word, byvoorbeeld in stelsels waar ooie elke agt maande lam. Waar lammers vroeër gespeen word, herwin ooie gouer hulle massa. Vir elke 1 kg wat 'n ooi swaarder is met paring, styg die lampersentasie met ongeveer 1,5 tot 2,5%.

- Om inkomste te verhoog omdat dit vertikale uitbreiding van skaapboerdery moontlik maak.
- As 'n aparte vertakking bedryf te word waar lammers ook ingekoop word.

### Windsdrywers in 'n voerkraal

'n Skaapvoerkraal vereis baie meer kundigheid asook 'n baie hoër bestuurspeil as dié van 'n beesvoerkraal en die vlak daarvan is meer vergelykbaar met dié van 'n melkery.

Die omsettingsdoeltreffendheid van ingenome voedingstowwe (voeromsetverhouding) na vleis word deur faktore soos die gehalte van die voerkraalrantsoen, vrywillige voerinname, aanpassing, oorinplantings, medikasies, ouderdom en gehalte van die lam en vlak van voerkraalbestuur, bepaal. Sowel die tempo waarteen lammers groei (GDT) as die doeltreffendheid waarteen hulle groei (VOV) het 'n groot



**Dit is belangrik dat die skape in jou voerkraal te alle tye skoon drinkwater het. (Foto: CROC Trough Pumping Systems)**

invloed op winsgewendheid omdat dit die aantal staandae in die voerkraal beïnvloed.

'n GDT van hoër as 350 g/lam/dag en 'n VOV van minder as 4,5:1 word as uitstekend bestempel. Hoe hoër die GDT en hoe beter die VOV, hoe minder is die staandae en hoe minder voer word benodig tot bemarking.

'n Kritieke fout wat dikwels in voerkrale gemaak word, is om nie toe te sien nie dat lammers volgens hulle volle genetiese groeipotensiaal groei.

'n Deel van die ingenome voedingstowwe word vir die onderhoud van die dier self gebruik, met ander woorde hierdie voedingstowwe is nie vir groei beskikbaar nie.

Verminder dus die gebruik van swak gehalte en ongebalanseerde voerkraalrantsoene met 'n lae energie- en lae deurvloei-eiwitinhoud omdat dit die staandae in die voerkraal vermeerder. Maksimum doeltreffendheid sal bereik word indien diere soveel as moontlik energie, so vinnig as moontlik, inneem wat die VOV en groeitempo sal verbeter.

**Om 'n hoogs winsgewende voerkraal te bedryf, word 'n volgehoute hoë bestuursvlak vereis. In hierdie verband is die volgende gesegde baie waar: dit is die voerkraalbestuurder se oë wat die diere vet maak!**

### Die ideale voerkraallam moet aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n Gesonde lam, want 'n swak boepenslam presteer nie. Moenie siek lammers in 'n voerkraal afrond nie. Verkoop met speen die swakste



# ON THE ROAD TO SUCCESS

Navigating the fields with excellent lubricants to keep the wheels turning.



We understand the pivotal role lubricants play in enhancing the lifespan and efficiency of machinery. Our dedicated team of experts combines cutting-edge technology with a deep understanding of industry needs to develop lubrication solutions that exceed expectations.



**25 YEARS**  
experience

[www.lubeforce.co.za](http://www.lubeforce.co.za)



Heavy Duty



Motorcycles



Transport



Agriculture



Mining



Cars



**LUBE  
FORCE  
TRADERS CC**  
SO MUCH MORE



**TotalEnergies**

Authorized Distributor

## RAYTON

Office: 012 734 5332/ 4064

Jurie van Dyk: 082 568 2266

Address: 1039 Treurnicht Street, Rayton, Gauteng, South Africa

## RUSTENBURG

Office: 014 596 7663

Ruan van Rensburg: 083 798 9889

Address: 22 Bosch Street, East End, Rustenburg, South Africa



derde lammers en rond die res in 'n voerkraal af — 'n swak lam kan nie reg gevoer word nie.

- 'n Jong (< 4 maande), goed uitgegroeide lam met 'n dun vetlaag en 'n groot karkas (28 tot 32 kg).
- 'n Lam met 'n hoë genetiese groeipotensiaal met 'n uitstekende voeromsettingverhouding.
- 'n Kruislam wat weens basterkrag 'n baie hoë GDT met 'n uitstekende VOV het.
- Gee voorkeur aan lammers wat kruipvoeding ontvang het of wat gewoon is aan byvoeding. Waar lammers kruipvoer gevoer word, kan hulle met welslae reeds op 'n vroeë ouderdom, (so vroeg as 63 dae, mits hulle minstens 25 kg weeg) gespeen word en hoogs winsgewend in 'n voerkraal afgerond word.
- Lammers presteer beter in voerkrale as ou ooie omdat hulle 'n baie beter voeromsetting het.

### Suksesvolle aanpassing in jou voerkraal kan só geskied:

- Gebruik lynkrippe met voldoende vreetspasie (25 tot 30 cm/lam — hulle moet verkieslik almal gelyktydig kan vreet).
- Voer vir die eerste 10 tot 14 dae bykomend eenkant 'n goeie gehalte ruvoer (byvoorbeeld ongemaalde lusernhooi) *ad lib* om suksesvolle aanpassing te verseker.
- Die bykomende lusernhooi-voeding kan na ongeveer 10 tot 14 dae gestaak word. Die fisiese voorkoms van die mis moet as aanduiding dien of lusernhoi-voeding gestaak kan word. As die mis pap is, moet langer met lusernhoi-voeding voortgegaan word.
- Hoe meer dikwels vars voer gevoer word, hoe hoër is die diere se voerinnome en hoe vinniger gaan hy groei. Tot 1 kg voer per kg massatoename word met hoëfrekwensievoeding bespaar, waardeur die voeromsetting verbeter en die wins verhoog word. Vars voer moet minstens twee keer per dag gevoer word. Gedurende die warm maande is dit veral wenslik om vroegoggend ongeveer 30% en laatnamiddag ongeveer 70% van die voerkraalrantsoen te voer. Die diere neem min of geen voer op die warmste deel van die dag in. Dit is egter belangrik dat die diere hulle totale daaglikse rantsoen binne die verloop van 24 uur inneem.
- 'n Alternatiewe aanpassingsmetode is om die lammers eers in die weidingskampe geleidelik op die voerkraalrantsoen aan te pas waardeur die spanning ook verminder word.
- Lammers wat lakseer, moet uit die voerkraal verwyder en behandel word. Hulle moet verkieslik in 'n "hospitaalkraal" geplaas word en weer van voor af stadig en oor

'n langer tydperk aangepas word. Indien maagwerk as gevolg van suursens, is doseer met 20 tot 30 g koeksoda per lam.

- Skaamvreter kan uitgeken word aan die hongerholtes agter die ribbes onder die rugstring. Hulle moet ook verwyder word en dalk saamgegroepeer word en van voor af stadig aangepas word.

### Voerkraalferiewe

- Maak voorsiening vir voldoende vloeroppervlakte (minimum 2,5 m<sup>2</sup>/lam, maar 5 tot 8 m<sup>2</sup>/lam word as ideaal beskou, veral in natter toestande).
- Vir goeie dreinerings om vrot-pootjie en siektes te beperk, moet die voerkraal verkieslik 'n helling van 2 tot 6% hê. 'n Helling van minder as 2% het tot gevolg dat die reënwater nie wegloop nie terwyl 'n helling van meer as 6% verspoeling tot gevolg het. Die helling moet weg van die woonhuis wees en die voerkraal moet so geleë wees dat die heersende winde die stank weg van die huis waai. Die vloeroppervlakte moet vir 'n gedeelte van die dag in direkte sonlig te wees om krale droog te hou en die opbou van bakteriese besmetting te beperk. Om dit te verseker, moet die skaduwee in 'n noord-suidrigting opgerig word. Sonlig is die goedkoopste ontsmettingsmiddel. Indien die vloeroppervlakte as gevolg van urine nat bly, breek die ureum in die urine na ammoniak af. Ammoniak irriteer die asemhalingskanale wat weer die groeiprestasie benadeel weens swak eetlus as gevolg van 'n voortdurende gehoes en dit kan selfs tot longontsteking lei.
- Voorsien voldoende skaduwee (0,5 – 1,0 m<sup>2</sup>/lam) gedurende warm weer en beskutting teen koue, nat winderige weer. Dit is niks ongevoens nie dat die GDT gedurende ongure weer met 30 tot 50% kan daal nie. As gevolg van hoë voerinnames moet voerkraaldiere van baie hitte ontslae raak wat ontstaan weens die metabolisme proses in die liggaam.
- Om maksimum voerinnome te verseker, veral waar meer kere per dag gevoer word, is die ideaal 25 tot 30 cm vreetspasie per lam of nog beter, voldoende vreetspasie sodat alle lammers gelyktydig kan vreet.
- Voldoende skoon en koel drinkwater moet te alle tye beskikbaar wees. Plaas die waterkrip aan die teenoorgestelde kant van die voerkrip. Waterbakke moet minstens twee tot drie keer per dag of elke keer wanneer die diere gevoer word, baie deeglik skoongemaak word. 'n Skaap drink nie vuil water nie en 'n dors

skaap vreet sleg met 'n gevolglike swak voeromsetting.

- Voerkraaldiere moet minstens twee maal per dag vir probleme en siektes (ooginfeksies, laksering, koksidiose, chlamidia-besmetting wat diere se knie- en hakskeengewrigte laat opswel; sweerklou of vrot-pootjie, ensovoorts) geïnspekteer word en dit moet dadelik reggestel of behandel word. Onthou: dit is die voerkraalbestuurder se oë wat die diere vet maak!
- Voerkraalmis moet as kunsmis vir gewasse in saaiboerderye of vir tuine bemark word omdat dit 'n uitstekende bykomende inkomstebron is.

### Samevatting

Die tipe en gehalte lam wat gevoer word, asook die tipe en gehalte van die voerkraalrantsoen, is sleutelfaktore in die bepaling van winsgewendheid. Die gebruik van sogenaamde "goedkoop" rantsoene wat 'n hoë persentasie laegraadse ruvoer, graanneweprodukte en afvalprodukte bevat, is dikwels verantwoordelik vir lae groeitempo en swak voeromsetting wat voerkraalwinst ernstig knou. Om steeds wins te maak in tye van hoë graanpryse word aanbeveel dat 'n hoë gehalte gebalanseerde rantsoen gebruik word en dat slegs goeie gehalte lammers, wat in voerkrale presteer, afgerond word.

Ondanks die hoë graanpryse kan die afronding van 'n skraal nie-markkaarlamm (A0) om sy graad na 'n A2 te verbeter, egter steeds geregverdig word deurdat sy vleiswaarde verhoog word. Bestuurspraktyke, veral dié wat te doen het met voedingsbestuur, gesondheidsbeheer en toesig, asook doeltreffende geriewe speel ook 'n sleutelrol in die welslae van 'n skaapvoerkras.

Optimum produksie en maksimum winsgewendheid word bereik deur 'n kombinasie van verbeterde genetiese potensiaal, toepassing van sleutelbestuurspraktyke en inname van gebalanseerde voedingstowwe. Die primêre winsdrywer in 'n voerkraal is die VOV (kg voer ingeneem/kg liggaamsmassatoename).

ProAgri is dankbaar dat 'n legende in die landboubedryf, dr. Jasper Coetzee, sy *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* aan die lesers van ProAgri beskikbaar gestel het.

Indien jy meer inligting oor winsgewende skaapboerdery wil bekom, bestel jou *Handleiding vir Winsgewende Skaapboerdery* vandag nog deur 'n e-pos te stuur na: [mvs@meadowcape.co.za](mailto:mvs@meadowcape.co.za).





# 4 FARMING

deur Maryna Steyn

**LEAVES A PERMANENT, HIGHLY VISIBLE BRAND** which can be seen at much greater distances than ear tags or many hot-iron brands.



- Easy to identify
- Essential for stock identification
- Clear, neat branding
- Causes little to no damage to the hide



**4 Boreholes**

**4 Wine Farming**

**4 Hunting**



[www.dryice.co.za](http://www.dryice.co.za)

078 164 1712

A less stressful and painful way to brand your animal



FROM CONSTRUCTION, TO STRUCTURE

**30**  
YEARS OF  
**SUCCESSFUL**  
PROJECTS

We have over 100 pre-made structures on our floor, ready to ship.

Tugela steel standard span packages extend from 12, 15, 18, 20, 25, 30 to 36m.

**WE DO IT ALL**

“Providing optimum design flexibility, Tugela Steel structures are all designed for further expansion to accommodate commercial growth.”

Tel: +27 31 566 4601 | Fax: +27 31 566 5190 |  
Email: [sales@tugela.co.za](mailto:sales@tugela.co.za) | Website: [www.tugelasteel.co.za](http://www.tugelasteel.co.za)





# Alpakka-boerdery in Afrika is g'n wolhaarstorie



**A**lpakka-boerdery klink soos 'n bedryf wat slegs in die buiteland kan floreer; dalk in plekke soos Suid-Amerika. Tog, al is dit nie 'n bedryf waarvoor Suid-Afrika bekend is nie, is daar sommige boere wat dit geïdentifiseer het as 'n unieke praktyk wat die moeite werd is. Dietmar Keil en Kerstin Heisterkamp is vennote wat so dink...

Dietmar is afkomstig van Namibië waar sy pa met Karakoelskape geboer het. Na skool het hy na Duitsland verhuis om 'n vakleerlingskap in kabinetmaak te volg. Dit is waar hy en Kerstin mekaar ontmoet het. Sy is gebore en getoë in Duitsland, maar saam met Dietmar het haar avontuur buite haar geboorteland begin.

Die paar het 'n jaar in Londen gaan bly voordat die avontuurgogga hulle geblyt het. Saam het hulle besluit om 'n ou Land Rover te koop en regdeur Afrika te reis tot in die Kaap waar Dietmar se ouma op 'n kleinhoue van tien hektaar gewoon het.

Gou het hulle – sonder enige boerderyervaring – daar begin boer; eers met een koei en twee kalwers. 'n Hond en 'n paar katte is vinnig by die gesin gevoeg voordat skape, nog beeste, varke en ook perde die boerdery vergroot het.

"Dit was 'n leerskool," vertel Kerstin. "Maar ons het verbeter en stadig maar seker ons kuddes uitgebrei. Ons nismark was kalfsvleis en vrylopendevarkvleis."

## Alpakkas word deel van die familie

Gedurende 2004 het hierdie jong boere 'n beginkudde van tien alpakkas aangeskaf. "Weer was daar baie om te leer," onthou Kerstin. "Die alpakka-boerdery het ons van die begin af geboei. Die gedagte was om te teel om lewende alpakkas te verkoop, maar ons het gou agtergekom hoe waardevol die wol is. Ons moes bloot net iets daarmee doen."

In 2009 het Kerstin en Dietmar twee wewerye wat spinwiele en weefmasjiene ingesluit het, oorgeneem by 'n medeteler wat toegemaak het. Vandaar die plaas se naam, The Alpaca Loom.

## The Alpaca Loom

The Alpaca Loom is geleë in die Paarl, teen Suid-agterPaarlweg. Daar is 'n koffiekroeg, troetelpark en begeleide toere deur die alpakka-kudde. Die plaas verkoop ook verskeie kleure alpakkas vir beskermingsdiere, troeteldiere, teeldiere en terapie diere. Boonop bied hulle stoetdienste, teeladvies en alpakka-skeerkursusse aan. Uit hulle eie wol vervaardig hulle verskeie produkte soos serpe, mantels en kouse.

"Soos wat ons geleer het om ons eie wolprodukte te maak, het ons beseft

dit is 'n heel nuwe speletjie. Wat begin het as ons plaaslike mark op die dorp het uitgebrei na groot skoue soos die Agri Megaweek."

Vandag, twintig jaar later, spog die plaas met 350 alpakkas en 'n jaarlikse aanwas van 100 lammers en 'n halfton verwerkte wol.

## Alpakka-boerdery in Suid-Afrika

Wat alpakka-boerdery 'n goeie bedryf in Suid-Afrika maak, is die diere se gehardheid en aanpasbaarheid. Hulle vaar ook goed in 'n ekstensiewe boerdery.

"Omdat ons net 'n klein stukkie grond het, is dit die ideale diere om mee te boer. Die waardetoevoeging van hulle waardevolle wol en die oulike diertjies is 'n voordelige kombinasie vir 'n agrotourismesaak. Dan is daar ook die veelsydige gebruike wat dit beslis winsgewend maak.

## Wolproduksie:

Alpakkawol is 'n gesogte natuurlike vesel wat vergelyk kan word met kasjmier. Omdat daar soveel kleure diere is, kan produkte van hulle wol die perfekte tuisnywerheid wees. Tans het SA Stamboek twaalf geregistreerde kleure.

## Veewagter:

Danksy alpakkas se waaksame en oplettende natuur, is hulle goeie wagters vir skape, bokke en selfs kleinwild soos springbokkies teen roofdiere soos jakkalse en rooikatte. Selfs die Britse monarg, koning Charles, se swerm ganse word glo deur dié diere opgepas.

## Troeteldiere:

Die kalm persoonlikheid van 'n alpakka maak dit 'n goeie troeteldier. Hulle word dikwels as terapie-diere gebruik.

## Die uitdagings van alpakka-boerdery

Daar is tog 'n paar uitdagings rondom alpakka-boerdery, reken Dietmar en Kerstin. Eerstens is daar 'n gaping in veeartse se kennis wanneer dit by hierdie vee kom omdat dit nie 'n algemene diere in Suid-Afrika is nie. Tog is die The Alpaca Loom-inwoners gesien met bekwame veeartse in Wellington wat mooi na hulle omsien.

Destyds toe die partijtjie begin boer het, was die toegang tot inligting ook beperk. Vandag is dit anders. Tussen aanlynbronne soos praatjies, boeke en webwerwe is dit aansienlik makliker om inligting te vind.

Alhoewel die wol waardevol is, bly die hoeveelheid wat geproduseer word relatief klein. Om meer wol te kan produseer moet meer diere by die

boerdery gevoeg word.

"Tans maak ons gebruik van 'n klein wolmeul in Wellington om ons wol te verwerk tot wol wat ons kan gebruik om ons produkte te weef. Die uitdaging is wel om vir 'n minimum vraag 30 kg te versamel omdat alpakkas nie baie wol uit 'n skeer lewer nie. Om meer alpakkas te hê wat 'n hoë graad wol lewer sal 'n drastiese verskil maak om bondels te vergroot.

Kerstin verduidelik dat alpakkas dragtig is vir ongeveer 345 dae. Dit beteken dat daar slegs een lam per jaar gebore word. Die wyfies teel vir die eerste keer as hulle ouer as twaalf maande is en meer as 45 kg weeg. Mannetjies, aan die anderkant, bereik eers geslagsrypheid tussen agttien en vier-en-twintig maande.

"Ons glo dat alpakkas 'n wonderlike toevoeging tot enige plaas is. Of dit nou is as 'n waggier, as 'n trekpleister by 'n gastehuis, of as 'n klein sakeonderneming begin vir werkskepping.

Hierdie alpakka-boere glo in die toekoms van alpakka-wolproduksie omdat daar reeds 'n sterk skaapwol- en sybokhaarbedryf is. Hulle sien dat daar reeds 'n groeiende aanvraag vir hoëgraad alpakka-wol is, omdat daar juis meer klem is om terug te beweeg na natuurlike vesel. Hulle glo dit is nodig om die nasionale kudde uit te brei.

## Aanpasbare alpakkas is geskik vir SA toestande

"Alpakkas is nogal aanpasbaar en kan verskeie omgewings hanteer," vertel Kerstin. "Op die alti plato in Suid-Amerika is die diere blootgestel aan temperature van minus twintig grade Celsius tot in die hoë twintigs. Wat wel nie goed vir die diere is nie, is humiditeit en buitensporige temperature.

Alpakkas bied 'n goeie grondslag vir agrotourisme, hetsy die teel en verkoop, wolverwerking of 'n tematiese toevoeging tot 'n koffiekroeg of troetelplaas.

## Dierebestuur geld vir alpakkas ook

The Alpaca Loom volg verskeie praktyke vir hulle dierebestuur. Dit sluit in:

- Skeer een maal per jaar
- Tande en toonnaels vyl
- Vitamientoevoegings van A, D3, en E kwartaalliks, veral vir voorbereiding vir geboorte gee
- Seleenaanvullings een maal per jaar
- Inenting teen klostridiale siekte twee maal per jaar met Covexin 10
- Verdere inentings teen botulisme, miltsiekte, bloutong, slenkalkoors

Dit is baie belangrik om vir alpakkas genoeg, gesonde kosrantsoene, skoon water en genoeg skuiling te bied, net soos vir enige ander vee. Op hulle hoeve gebruik Kerstin en Dietmar semi-geslote skure om die alpakkas wat geboorte gee veilig te hou totdat die kleintjies oud genoeg is om saam met Ma veld toe te gaan.

Wanneer die diere twaalf dae na geboorte weer gedek word, neem die span in ag wat die belangrike genetica van die verskillende diere in die kudde is. Dit is immers belangrik wanneer jy 'n stoet bestuur.



## Droogtebestuur deel 1:

# Red jou veld –

deur Tisha Steyn



**'n Koedoe in die subtropiese ruigteveld van die Oos-Kaap. Die veld bied goeie weiding vir wild en vee, maar moet goed bestuur word tydens en na 'n droogte. (Bron: Pixabay)**

# Ruigteveld

**Spekboom is 'n belangrike voedselbron, maar dit moet teen oorbenutting beskerm word.**

**D**ie lekkerste lekker vir 'n boer is om te sien hoe sy diere aan geil, gesonde weiding smul. Maar niks maak so seer as om diere te sien honger ly nie.

Weidingsbestuur tydens en veral na 'n droogte soos wat tans wydverspreid voorkom kan jou veld help om uiteindelik te herstel. En dit kan jou boerdery maak of breek.

Die sukses van vee- en wildboerdery berus op die veld se drakrag wat nie net moet voldoen aan die boer se geldelike verwagtings nie, maar ook aan die ekologiese vereistes van natuurlike weiding.

Dit beteken dat die boer realisties moet wees oor hoeveel vee of wild hy

op die plaas kan aanhou sonder om die veld te vernietig. Dit geld veral in droogtetye, en met die veranderende klimaatpatrone weens aardverwarming, is droogte, net soos vloede, amper 'n gegewe. Februarie vanjaar was die droogste in 40 jaar in Suid-Afrika en die hoë temperatuur het 'n vernietigende uitwerking op natuurlike veld. Boere moet alles in hulle vermoë doen om die veld te beskerm.

Ken Coetzee van Conservation Management Services in George in die Suid-Kaap verduidelik in sy boek *Caring for Natural Rangelands* (2023) hoe boere die uitwerking van droogte in drie soorte veld kan versag sodat die plantegroei die droogte kan oorleef.

In hierdie kort reeks verskaf Ken riglyne vir die bestuur van natuurlike weiding in droë en half droë gebiede

soos die subtropiese ruigteveld van die Oos-Kaap, waar spekboom (*Portulacaria afra*) 'n kernrol speel; die Nama-Karoo wat gekenmerk word deur struikveld; en die grasveldbloom wat wyd voorkom.

"Die riglyne sal nie oral ewe maklik toegepas kan word nie en weens geldelike oorwegings dalk glad nie moontlik wees nie. Maar die riglyne kan help om te voorkom dat die droogte veld totaal verwoes sodat die boer na die droogte sy boerdery kan voortsit," sê Ken.

## Subtropiese ruigteveld

Die subtropiese ruigteveld van die Oos-Kaap is baie belangrik vir vee- en wildboerdery. Die droogte van 2016 tot 2019 het katastrofiese gevolge vir Oos-Kaapse boere gehad, want toe die veld



**Spekboom in blom. (Bron: Ken Coetzee)**





nie meer die vee en wild kon onderhou nie, moes hulle duur voer aankoop.

Die ruigteveld word gereeld onderwerp aan droogtes want die reënval is laag en onvoorspelbaar. "Deesdae is daar 'n 25% kans dat die gebied minder as 80% van die normale jaarlikse reënval ontvang wat, gepaardgaande met uitermate hoë temperatuur, lei tot uiterste droogtetoestande," sê Ken.

Die uiterste droë toestande kan veroorsaak dat plante soveel blare verloor dat dit permanent beskadig word. Om te voorkom dat dit gebeur moet die plantegroei gedurende die droogte, maar veral ook nadat die droogte gebreek is, uiters omsigtig bestuur word om hergroei te verseker.

## Struikkomponent

Die struikkomponent van die ruigteveld vorm die basis waaruit die veld moet herontwikkel, maar as dit deur oorbeweiding beskadig is, gaan dit nooit weer volkome herstel nie.

Weens die wisselvallige reënval kan daar nie staatgemaak word op die struik- en graskomponent van ruigteveld as bron van voeding vir plantvreters nie. Om dit te beskerm moet dit oordeelkundig of verkieslik glad nie gedurende 'n kwaai droogte benut word nie, want selfs goeie reëns sal dit nie kan red nie.

Wanneer diere toegelaat word om die veld te swaar te bewei, stroop hulle die blare, takkies en stamme van die struik kaal. Afhangend van die seisoen en watter plante swaar bewei is, herstel die plante nie eenvormig nie.

Dit is ook nie moontlik om te voorspel hoe lank dit gaan duur voor die plante wat hulle blare verloor het herstel nie. Weens herhaalde oorbeweiding kan die plant dalk glad nie herstel nie en dan is die boer die voedingsbron kwyt.

Spekboom is 'n sleutelplant van ruigteveld en moet beskerm word as 'n belangrike voedselbron vir vee en wild. As die takke en blare voortdurend stomp afgevrete word verloor die boom die vermoë om laaghangende takke te laat wortel skiet waar dit aan die grond raak. Die takke vorm 'n gordyn wat help om 'n mikroklimaat onder die boom te skep wat nodig is vir gesonde groei.

Verskeie doringagtige maar eetbare

struik soos wolwedoring (*Gymnosporia buxifolia*), byangelbos of groendoring (*Azima tetracantha*), soetdoring (*Vachellia karroo*), kriedoring (*Lycium oxycarpum*) en doringtaibos (*Searsia longispina*) kom ook in die ruigtes voor. Die plante help om oorbeweiding van ander eetbare plante te voorkom.

Die laag plantmateriaal op die grond onder die spekboom en ander struik is noodsaaklik vir gesonde veld. In die afwesigheid daarvan daal die voginhoud, die grondtemperatuur styg en as dit dan reën verspoel die grond. Die grond verarm en die ruigte word al droër en yler en oper.

Groot stukke ruigteveld is nodig om nuwe groei te beskerm en dit is belangrik dat hulle ook nie oorbewei word nie. Die ooptes gee die vee toegang tot weiding en help die plante om te groei, maar te veel oop ruimtes lei tot minder veld en minder voëls en ander diere wat kan help met saadverspreiding en ontkieming.

As die plantegroei te yl raak, sal nuwe plante te blootgestel wees aan die elemente om te oorleef en te herstel.

Volgens Ken is die diere se kondisie nie 'n maatstaf vir oorbeweiding nie, want teen die tyd dat hulle merkbaar agteruitgaan is die ruigteveld gewoonlik al so verniel dat karoobossies dit inneem.

### Verseker dat die ruigteveld oorleef deur:

- ongefragmenteerde ruigtes te behou;
- te verseker daar is 'n onversteurde laag blare en ander organiese materiaal onder die struik;
- noodsaaklike plante wat beskerming aan nuwe plante bied te behou;
- konserwatiewe weiding gedurende en na 'n droogte.

## Bestuurswenke

### Monitering

Moniteer reënval en verminder die aantal vee/wild ooreenkomstig as 'n tydigde maatreeël wanneer die veld al droër raak ten einde 'n ramp te voorkom.

Maak veral seker die spekboom se takke en die gebied onder die boom is onversteurd. Oorbeweiding en hoef-

aksie kan die blaremat vernietig en minder blare en takke aan die struik lei tot minder blare op die grond.

Moniteer die weidingsdruk oral in die kampe en let op hoeveel blare aan die vreetbare plante is. Verwyder diere wat die plante teiken.

Let op watter jong plante in die ruigte besig is om terug te sterf, want dit kan 'n teken van oorbeweiding wees.

Maak seker die oop ruimtes word nie groter nie. Kap penne in as merkers en neem foto's met 'n datum op vanaf dieselfde plek sodat dit later vergelyk kan word.

### Weidingsrotasie

Moenie meer as 50% vir die drakrag vir grasvreters (beeste) en gemengde vreters (skape), en 50% van die drakrag vir blaarvreters (bokke) oorskry nie.

Roteer die weiding volgens hierdie drakrag. As die plante swaar bewei is, moet dit vir 'n lang rustydperk toegelaat word om te herstel sodat die blare, takke en gras wat opgevrete is weer kan groei.

'n Behoorlike rustyd sal ook die plante toelaat om te blom en saad te skiet, wat weer kan uitloop en nuwe plante word.

Hou noukeurig boek van die weidingsrotasie in die kampe sodat dit in die toekoms vergelyk en aangepas kan word indien nodig.

### Hoe gemaak as die ruigte heeltemal vernietig is?

Wanneer die plantegroei heeltemal opgevrete, onherstelbaar beskadig en die ruigteveld met dwergstruikveld vervang is, kan jy die volgende oorweeg:

Omhein enige oorblywende ruigteveld om te voorkom dat dit verder bewei en beskadig word en restoureer die veld met pionierspesies.

Bestuur die plantbedekking op so 'n manier dat dit die digste bedekking moontlik kan vorm. Hoe digter die plantbedekking, hoe minder gronderosie sal plaasvind en dit sal gunstige toestande skep vir nuwe plante om te groei.

Pas aktiewe gronderosiebeheer toe waar die verlies aan ruigteveld tot versnelde gronderosie gelei het.



XYLEM SOLAR SOLUTIONS

# High-efficiency solar powered pumps

Xylem's innovative solar water solutions provide adaptability for dependable underground or surface water access.

This system satisfies all your agricultural needs, including watering crops and livestock, along with household water demands on your farm or ranch.

Discover our complete range of sustainable solar solutions.

**xylem**  
Let's Solve Water



Find out how we can solve water together.

**MacDon**

## UP-FRONT PRODUCTIVITY

Maximize your mowing potential with a high quality front mount rotary disc

### DOUBLE TIME!

Double your productivity by pairing the R1 FR with a MacDon R1 Pull-Type.

### EASY HOOK-UP

Easily hook up your Rotary Disc to your tractor.

### SIXTEEN FEET OF EFFICIENCY

Run your operation with a 16-foot cut-width.

### HIGH OUTPUT WITH LESS HORSEPOWER

Doing More with Less, the R1 FR only requires 100 horsepower for the 13-foot and 125 horsepower for the 16-foot models.



+27 21 907 8000 | [Info@vitamech.co.za](mailto:Info@vitamech.co.za) | 13 Pinotage Street, Saxenburg Park 1, Blackheath, Cape Town





# Grasse van Suid-Afrika deel 6: Onvertakte bloeiwyses

deur Ashleigh Schubert

## Koperdraadgras (*Elionurus muticus*)

Hierdie gras groei in suur grasvelde, sanderige en klipperige grond, en in die bosveld. Dit is 'n baie onsmaklike, bitter gras. Alhoewel dit onsmaklik is, is dit een van die eerste grasse wat in die lente begin uitloop, en daarom word dit soms benut as daar nie ander weiding beskikbaar is nie. Waar daar in die verlede oorbeweiding was, groei hierdie gras baie sterk. Dit bevat belangrike olies wat voordelig vir mense kan wees, soos kamfeen.

Hoe ken ek dit uit?

- Digte, meerjarige polgras
- Blare is aan die basis van die plant
- Blaarskyf is harig aan die basis
- Blare is koperbruin



**Bron: Marinda Koekemoer (Koperdraadgras)**

## Borseltjiegras (*Anthephora pubescens*)

Hierdie gras kom meestal voor in onversteurde grasvelde met verkieslik leem- of kleigrond. Dit is 'n baie smaaklike en belangrike gras vir weiding. Gewoonlik dien dit ook as 'n aanduiding van goeie veldtoestande. Boere moet waaksaam wees dat die gras nie oorbewei word nie, juis aangesien dit so smaaklik is.

Hoe ken ek dit uit?

- Meerjarige polgras
- Blougroen blare
- Droë blare is gekrul



**Bron: SA Grain (Borseltjiegras)**

## Kousklits (*Tragus berteronianus*)

Kousklits groei goed in daardie gebiede waar 'n mens dit juis nie sou verwag nie, soos kaal kolle in die veld en in harde, gekompakteerde grond. Omdat die blaarproduksie van die plant so laag is, is dit ook nie 'n goeie weidingsgras nie. Dit is 'n uiters geharde gras en groei daar waar ander spesies nie kan oorleef nie. Waar hierdie gras groei, is dit gewoonlik 'n aanduiding van veldagteruitgang.

Hoe ken ek dit uit?

- Eenjarige polgras
- Blompakkies het weerhakies
- Knope is pers



**Bron: CABI Digital Library (Kousklits)**

## Katstertgras (*Perotis patens*)

Katstertgras groei in versteurde plekke, soos droë en oop kolle en in ou boorde. Jy sal dit soms teen klipperige hellings aantref. Dit is nie 'n goeie weigras nie omdat die blaarproduksie laag is. Dit is 'n pioniergras en word soms as 'n onkruid beskou.

Hoe ken ek dit uit?

- Polgras
- Min blare
- Klein blompakkies
- Droë blare is gekrul



**Bron: Richard Wadley (Katstertgras)**

## Pronkgras (*Pennisetum setaceum*)

Hierdie gras word in Suid-Afrika as 'n onkruid beskou. Dit kom in versteurde en klipperige gebiede voor, soms ook op mynhope. Pronkgras is 'n baie aantreklike gras wat soms as versiering gebruik word. Alhoewel dit 'n mooi gras is, is dit 'n indringer en daarom is dit onwettig om dit aan te plant. Dit bevat ook geen waarde vir weiding nie.

Hoe ken ek dit uit?

- Meerjarige polgras
- Blompakkies is pers
- Blare is skurf en draadvormig



**(Pronkgras)**

## Bloubuffelsgras (*Cenchrus ciliaris*)

Jy sal hierdie gras aantref in droë, warm dele, en verkieslik in sandleem- en leemgrond. Bloubuffelsgras het hoë blaarproduksie en is baie smaaklik, daarom is dit 'n goeie weidingsgras. Die smaaklikheid neem egter af hoe ouer die plant word. Dit is goeie gras om hooi van te maak.

Hoe ken ek dit uit?

- Meerjarige polgras
- Bloeiwyse is pers
- Halms is vertak



**Bron: SANBI (Bloubuffelgras)**

## Gouemannagras (*Setaria sphacelata* var. *sericea*)

Bergagtige grasvelde, hoëreënvallbosveld en tropiese gebiede, dit is waar jy hierdie gras sal aantref. Dit is baie lief vir klam gebiede en klam grond. Hierdie smaaklike gras het 'n hoë blaarproduksie, daarom





mahindra



**UNLEASH THE EXPLORER IN YOU**

**MAHINDRA  
BOLERO**

FROM  
R208 099

**MAHINDRA  
XUV700**

FROM  
R483 199

**MAHINDRA  
PIK UP SINGLE CAB**

FROM  
R262 199



**RVMG**

**Mahindra Alberton**

087 803 1108

[www.mahindraalberton.co.za](http://www.mahindraalberton.co.za)



word dit aangeplant as weiding in Suid-Afrika. Dit kan baie maklik van die saad af gekweek word en is ook bestand teen vloede.

Hoe ken ek dit uit?

- Meerjarige polgras
- Borselhare is geel, oranje en bruin
- Haarlose knope




**Bron: Richard Wadley (Gouemannagras)**

### Gewone mannagras (*Setaria spachelata* var. *spachelata*)

Hierdie gras kom voor in oop grasvelde en sanderige bosveld. Dit verkies sanderige grond wat goed gedreineer is. Dit word soms aangeplant vir weiding of hooi, maar is ook baie goed in tuine om voëls te lok.

Hoe ken ek dit uit?

- Digte polgras
- Kort bloeiwyses
- Risome is kort en kompak



**Bron: Michael Hickman (Gewone mannagras)**

### Kruipmannagras (*Setaria spachelata* var. *torta*)

Kruipmannagras groei in oop grasvelde en sanderige bosveld. Dit groei gereeld in grond wat voorheen versteur was. Hierdie smaaklike gras word baie goed bewei, alhoewel dit 'n lae blaarproduksie het.

Hoe ken ek dit uit?

- Droë blare krul
- Meerjarige kruipgras
- Blaarskedis is sterk afgeplat



**Bron: Chris Whitehouse (Kruipmannagras)**

### Tuinmannagras (*Setaria pumila*)

Daar waar baie water versamel in die reënseisoen en in versteurde grond, dit is waar jy hierdie gras sal teëkom. Dit is maklike gras wat in byna enige grondsoort groei. Hierdie gras is smaaklik, maar is beperk in blaarproduksie. Die nadeel is dat dit in die somer 'n onkruid is wat baie moeilik beheer word. In Lesotho word die halms saamgedraai om toue te maak.

Hoe ken ek dit uit?

- Eenjarige polgras
- Onderste lemma is geplooi
- Blaarskede is saamgedruk en haarloos



**Bron: Gelisensieer deur Google (Tuinmannagras)**

### Vleimannagras (*Setaria incrassata*)

Vleimannagras groei in swart kleigrond. Dit is lief vir klam plekke, soos vleie en rivieroewers. Dit word gebruik vir weiding, maar ook vir erosiebeheer. Hierdie gras is sterk en gehard teen droogte en versuip-toestande.

Hoe ken ek dit uit?

- Meerjarige polgras
- Knope is harig
- Onderste deel van halms is pienk



**Bron: Steenbok Nature Reserve (Vleimannagras)**

### Thunberg-se-pennisetum (*Pennisetum thunbergii*)

Hierdie gras groei in hoogliggende, klam dele. Dit hou van gebiede met hoë reënval. Dit is te hard en skurf om te dien as 'n weidingsgras.

Hoe ken ek dit uit?

- Digte polgras
- Blaarpunte is lank en draadvormig
- Blaarskede is afgeplat



**Bron: de Aardigheyt (Thunberg-se-pennisetum)**

### Vingerhoedgras (*Fingerhuthia africana*)

Jy sal die gras vind in klipperige grond en geërodeerde plekke. Dit is lief vir sonnige gebiede, maar kom selde algemeen in die veld voor. Hierdie gras word partykeer gebruik om besems van te maak.

Hoe ken ek dit uit?

- Onvertakte halms
- Blompakkies is afgeplat
- Bloeiwyses lyk soos 'n vingerhoed




**Bron: African Plants (Vingerhoedgras)**

### Beddinggras (*Pennisetum macrourum*)

Beddinggras groei langs riviere, strome en op plekke wat tydelik nat is. Dit is nie goeie weiding nie, want dit is grof en hard. Hierdie gras is belangrik vir die rol wat dit speel om rivieroewers teen verspoeling te beskerm.

Hoe ken ek dit uit?

- Digte polgras
- Blaarskyf is skurf
- Blaarpunte is gerol



**Bron: Beth Chatto's plants and gardens (Bulgras)**

### Bulgras (*Pennisetum spachelatum*)

Bulgras groei in hoogliggende dele waar dit nat is. Dit is lief vir kleigrond, maar sal in ander grondsoorte groei as dit nat is. Hierdie gras het 'n hoë blaarproduksie, maar is onsmaklik. Vroeg in die seisoen word dit goed bewei, maar weiding neem af namate die seisoen vorder. Dit is ook 'n belangrike gras om die grond naby dreineringsgebiede te stabiliseer.

ProAgri sê dankie vir Frits van Oudtshoorn wat sy boek, *Grasse van Suider-Afrika*, beskikbaar gestel het as 'n handleiding vir die reeks.

Frits is 'n weidingskonsultant en kan ge-kontak word by  
(+27)78-228-0008 of  
frits@alut.co.za.

Indien jy belangstel om meer oor die grasse van Suider-Afrika te leer,

kan jy Frits se boek koop by  
Soutpansbergweg 121, Riviera, Pretoria,  
of aanlyn via  
marketing@briza.co.za.



Optimaliseer die  
potensiaal van  
jou grond en  
maksimeer jou  
opbrengs met  
BRAZGrass-saad

DIE ENIGSTE VERSKAFFER VAN

# BULLET SAAD

Ons voorsien jou van die beste  
moontlike oplossings vir al  
jou weidingsbehoefes, of jou  
behoefte nou voerverwant  
is, rehabilitasie van jou  
grond, of integrasie tussen  
jou gewasse, ons produkte  
bied die gerieflikste oplossing  
waarna jy gesoek het. Ons  
meerjarige saad is geskik vir  
direkte beweiding, staande hooi,  
kuilvoer, baal en as dekgewas  
vir vogbehouding.



Groei tot 2,5 duim per dag

Groei in die skaduwee



Geen blousuur

**+27 (0)84 840 1659 | [brazgrass@safricom.co.za](mailto:brazgrass@safricom.co.za)**  
**3 Fortuna street, Viljoenskroon**

## BREEK WEG VAN JOU BESIGE LEEFSTYL!





### DIE BUITELEWE ROEP

Selfsorg chalets, tent- en karavaan staanplekke, ablusie- en braaigeriewe vir kampeerders. Visvang, koue- en warm swembaddens asook borrelbaddens. putt-putt, tafelsokker, skaak en 'n veilige speelarea vir kinders.

**Bespreek nou jou karavaan staanplek**

Staanplekke word tans uitverhuur teen R450/nag buite -seisoen en R550/nag binne-seisoen.

**Besprekings: 072 823 5236 | E-pos: [besprekings@klipdraaikaravaanpark.com](mailto:besprekings@klipdraaikaravaanpark.com)**  
**Plaas Kookfontein, Viewlaan, Kookrus, Meyerton | [www.klipdraaikaravaanpark.com](http://www.klipdraaikaravaanpark.com)**



# Groentetuine vir beginners deel 12: Oes en verwerking van groente

deur Tisha Steyn

**D**ie belangrikste voordeel van 'n groentetuin is die gesonde groente wat jy oes. Jy weet immers dat die grond gesond is sonder enige chemiese voedingstowwe en plaagdoders. Maar wanneer is die regte tyd om te oes?

Groente smaak die beste wanneer dit toegelaat word om aan die plant ryp te word. Moenie wag dat die groente groter word nie, pluk dit sodra dit ryp is.

Die inligting op die saadpakkie sal 'n aanduiding gee van wanneer die groente oesgereed is. Dit hang egter af van talle faktore wat die groei beïnvloed, naamlik die voedingstowwe in die grond, die klimaat, hoe warm en nat die seisoen was, en die tyd van die jaar.

## Wanneer is groente gereed om geoes te word?

### Aartappelfamilie

Die aartappelfamilie sluit aartappels, soet- en brandrissies, tamaties, eier-vrug en patats in.

Kies 'n droë dag om aartappels waarvan die loof teruggesteef het, uit die grond te lig. Laat 'n paar uur staan voor jy dit bêre sodat die skil kan hard word, maar moenie dit oornag buite los nie. Bêre in dig verseëld papier-sakke in 'n koel plek. Dit kan in gebiede met 'n matige klimaat ook in die grond gelos word, of in 'n voor uitvoer met 'n laag strooi (10 cm dik) en met 'n dun lagie grond bedek.

Patats kan vanaf laatsomer wanneer die loof vergeel het geoes word. Patats wat 'n melkerige sap afskel as jy 'n gaatjie daarin maak is nog nie gereed om geoes te word nie. Lig die knolle uit en laat hulle 'n paar dae lank in die son droog word. Bewaar in klam sand in 'n koel plek met goeie ventilasie.

Eiervrug moet geoes word wanneer die skil nog glansend, die vleis ferm en die saadjies nog klein en sag is. Knip die stingel met 'n skêr of snoeiskêr af

en gebruik vars. Geblansjeerde eiervrug kan in enkel skywe gevries en verpak word.

Pluk tamaties wanneer dit heeltemal aan die plant verkleur het en nog ferm is. Tamaties kan gevries, gedroog of ingemaak word, of jy kan sous, konfyt of blatjang daarvan maak. Vries die tamaties individueel sommer met skil en al; die skil kom af wanneer jy dit onder lopende kraanwater hou.

Om te droog halveer jy ferm ryp tamaties en krap die pitjies uit en hou eenkant. Pak die tamaties op 'n draadrak wat met olie bestryk is. Sit die rak op 'n oondpan en bak sowat twee uur lank teen 100 °C.

Jy kan die gedroogde helftes in 'n fles met geskilte knoffel, peperkorrels en vars kruie pak en tot 2 cm bo die tamaties met olyf- of sonneblomolie vul. Bêre dit op 'n koel donker plek.

### Beetfamilie

Die beetfamilie sluit beet, spinasiebeet en spinasie in.

Oes die beet sowat nege weke nadat dit gesaai is, maar omdat daar verskeie variëteite is, is dit beter om op die saadpakkie te kyk wanneer dit oesgereed behoort te wees.

Kook beet tot sag, dompel in koue water en vryf skilletjies af. Vries klein beetjies heel of sny groteres in skyfies of blokkies, pak in lugdigte vrieshouers en bevries tot nege maande lank.

Maak blatjang, konfyt of piekel dit so: Kook 500 ml water, 250 ml bruinasyn en 200 g witsuiker vyf minute lank saam. Voeg beetskywe of blokkies by en kook tien minute met die deksel op. Pak in inmaakflesse en vul met die kokende asynmengsel, verseël en bêre.

Pluk gereeld die buitenste blare van spinasiebeet en los die binnestes om verder te groei. Eet die spinasiebeet vars in slaai of roerbraai. Dit vries nie goed nie, so eet dit maar op.

Oes spinasieblare aan die buitekant van die plant terwyl dit jonk en sag is

en los die moederplant om verder te groei. Blansjeer spinasie, plaas in 'n sif en druk al die water uit en bevries.

### Boontjiefamilie

Die boontjiefamilie bestaan uit stoel en rankboontjies, boerbone en ertjies.

Oes jong, sagte groenbone gereeld vir 'n deurlopende oes. Vars, gesnipperde boontjies kan twee tot drie minute lank geblansjeer word voor dit bevries word. Ingemaakte kerrie- of mosterdboontjies is heerlike slaai.

Bêre droëbone in die yskas om te voorkom dat dit miet kry. Bring droëbone tot kookpunt en kook vir 10 minute, skakel die hitte af en laat week vir 'n uur voordat jy dit dreineer en met vars water verder kook. Geur eers met sout of suiker wanneer die bone gaar is anders kook dit nie sag nie.

Ertjies moet geoes word terwyl die peule klein en sag, maar goed gevul is as jy die ertjies uitdop. Wanneer jy die ertjies peule en al wil gaarmaak, moet die peule nog net half gevul wees.

### Kopkoolfamilie

Kopkool, blomkool, brokkoli, Brusselsse spruite en radyse behoort aan die Brassica-familie.

Sny lente- en somerkopkool wanneer die koppe ferm en hard is, maar 'n jonger, kleiner of mediumgroot kopkool het 'n soeter geur. Vars kopkool is die lekkerste. Dit vries nie goed nie. Net soos Asiatiese blaargroente, is dit beter om kool eerder rou te eet, te stoom of in roerbraai te gebruik.

Brokkoli word geoes wanneer die hofies gevorm is en die blomme steeds in die knop is. Dit vorm spruite wat deurlopend geoes kan word.

Brusselsse spruite is sowat vyf maande na dit geplant is oesgereed. Pluk die laagste spruite eerste.

Blomkool word geoes wanneer die koppe stewig en styfgepak is.





Premium quality **Aluzinc steel** sectional tanks for  
bulk water storage throughout Africa



[www.rainbowtanks.co.za](http://www.rainbowtanks.co.za)


[sales@rainbowres.com](mailto:sales@rainbowres.com) | +27 (0)11 965 6016

**IBCORR**  
STEEL ROOFING

**A Product for Every Project,  
And Every Pocket.**

Choose from our range of products;

**IBR  
CORRUGATED  
WIDE SPAN  
AFRI-LOK 700  
LIPPED CHANNEL**



Johannesburg  
[sales@ibcorr.co.za](mailto:sales@ibcorr.co.za)  
010 045 3623

Cape Town  
[salesct@ibcorr.co.za](mailto:salesct@ibcorr.co.za)  
010 045 3622





**Gebruik 'n skerp snoeiskêr of mes wanneer jy die groente oes sodat jy nie die plant beskadig nie. (Bron: Pixabay)**

Kop- en rooikool, blomkool- en brok-koliblommetjies en Brusselse spruite moet gewas en 'n minuut lank geblansjeer word voordat dit lugdig verpak en gevries word.

### **Pampoenfamilie**

Die familie bestaan onder meer uit pampoene, skorsies, murgpampoentjies en komkommers.

Oes komkommers wanneer dit jonk en klein is. Hoe meer jy oes, hoe meer dra die plant.

Pampoene word geoes wanneer dit maklik van die rank afgebreek kan word, terwyl skorsies geoes kan word wanneer hulle klein tot medium groot is. Murgpampoentjies (*zucchini en paty pans*) word geoes terwyl hulle jonk en sag is. Hulle kan heel of opgesny en geblansjeer word en tot drie maande gevries word.

Pampoene het 'n lang raklewe en veral erfenisvariëteite hou maande lank. Sny geel pampoene in blokkies en vries tot drie maande; blansjeer wit pampoene wat in blokkies gesny is drie minute en laat afkoel voor dit bevries word.



**Pampoene met 'n harde skil hou lank op die rak, maar vries ook goed. (Bron: Pixabay)**

### **Sonneblomfamilie**

Blaarslaai, artisjokke en Jerusalem-artisjokke behoort tot die familie.

Moderne blaarslaai word gekweek om deurlopend geoes te word. Breek die buitenste blare af en gebruik dit terwyl die plant aanhou groei.

Artisjokke is die eetbare blom van 'n dissels. Net die skubbe van die onvolwasse blomknop word geëet. Sny die blomknoppe saam met 'n stuk singel van 5 cm af terwyl die skubbe nog dig toe is. Sodra die eindknop geoes is, sal nuwe knoppe aan laer sylote ontwikkel wat ook geoes kan word. Artisjokharte kan rou in slaai geëet of in olie ingemaak word.



**Oes tamaties wat aan die plant ryp geword het. (Bron: Pixabay)**



**Kool vries nie goed nie en dit is beter om dit rou te eet, gaar te stoom of in 'n roerbraai te gebruik. (Bron: Pixabay)**

### **Uifamilie**

Uie, knoffel en preie behoort tot die familie.

Oes uie en salotte wanneer die lowwe vergeel en begin omval. Maak seker dit is droog wanneer jy dit oes. Hang in stringe op, bewaar in nette of op rakke. Dit kan ook gepiekel of gevries word.

Preie moet met 'n handgrafie uitgelig word wanneer die stingels sowat 3 cm dik is. Dit kan in goedgedreineerde grond oorwinter, en die wit gedeelte vries ook goed.

Knoffel word geoes wanneer die blaarstele vergeel en verdroog. Maak die bolle 'n week lank in die son droog voor jy dit op 'n droë plek bewaar. Vleg of knoop heel knoffelbolle aanmekaar vas en hang dit op, of bewaar dit los van mekaar op 'n rak.



**Uie is gereed om te oes wanneer die blare vergeel en omval. Lig die uie uit die grond en laat droog word voordat jy dit in bossies ophang. (Bron: Pixabay)**

### **Wortelfamilie**

Wortels kan sowat 10 weke nadat dit gesaai is geoes word. Oes die wortels jonk en draai die loof af om te keer dat dit vog uit die wortel onttrek. Wortels in repies of blokkies gesny vries goed.

Oes net die buitenste stingels van seldery en laat die res toe om verder te groei. Vars seldery in folie toegedraai hou lank in die yskas.

Pietersielie kan gewas en opgekap word voordat dit in ysbakkies geplaas word wat met water opgevol word.

Vries en gebruik die blokkies soos benodig in geregte.

### **Mielies**

Ander groente, soos suikermielies, word geoes wanneer die kop se hare bruin is. Trek die mielieblare 'n bietjie terug en druk op die pitte. As dit 'n melkerige vloeistof afskei is dit gereed om geoes te word. Sny die pitte van die stronk af en vries.



**Oes jong wortels wat smaakliker as ouer, houtagtige wortels is. Wortelblokkies en -repies vries goed. (Bron: Pixabay)**

### **Bronverwysings**

**Anthony, D. (2014) *Enigeen kan groente kweek*. Metz Press ISBN 978-1-928201-12-0**

**Boeckmann, C. (2023) *Harvesting Guideline for the Home Gardener* <https://www.almanac.com/when-harvest-vegetables-and-fruit-best-flavor>**

**Iannotti, M. (2020) *When and How to Harvest Garden Vegetables How do you know when it's time to pick?* <https://www.thespruce.com/when-to-harvest-vegetables-1403402>**

**Tanner, C. (2020) *Harvesting Vegetables*. Home and Garden Information Centre <https://hgic.clemson.edu/factsheet/harvesting-vegetables/>**





**We specialise in building**

Steel structures | Warehouse factories  
Aircraft hangers | Farming sheds



# Short on structure?

we've got your structural requirements covered



[www.lmstaalstore.co.za](http://www.lmstaalstore.co.za) | [lmstaalstore@gmail.com](mailto:lmstaalstore@gmail.com)  
071 743 6798 - Kantoor | 083 728 9825 - Leon



# BIG SAVINGS

MARKET LEADER IN SUPPLY MANUFACTURING,  
DESIGN AND INSTALLATION OF FENCING  
MATERIALS

012 682 0150 - Centurion  
051 880 0220 - Bloemfontein



## OUR PRODUCTS

- GALVANISED WIRE IN COILS
- BARBED WIRE
- DIAMOND MESH/ CHAIN LINK
- ROOF & REINFORCING
- DROPPERS & STANDARDS
- HEXAGON WIRE NETTING
- ELECTRIC FENCING PRODUCTS
- RAIZOR WIRE
- WELDED MESH
- POSTS
- GATES
- FIELD FENCE
- WHOLEVIEW PANEL FENCING

Wholesale prices directly to the public | Support local, buy local





**TECHNOPOL SA**  
ENERGY SAVING MATERIALS

# Industry Leaders in Energy Efficient Products

Agri4all



- ✓ Chicken Houses
  - ✓ Piggeries
  - ✓ Warehouses
  - ✓ Farm Sheds
  - ✓ Light Industrial Stores
  - ✓ Workshops/Hangers
- The possibilities are endless...



Fire Retardant Products



Moisture Resistant



Rot-Proof

Increase growth rates, reproduction, and overall productivity. Decrease energy costs & carbon footprint.

**Don't Wait, Communicate!**

## ABOUT US

We design, manufacture, and produce custom insulation that adhere to the specific needs of each individual client, including different thicknesses & densities. Moreover, the insulation adheres to the regulations ensuring animal welfare, and an environmentally controlled house.



**ROOF**

- Ability to maintain an ambient temperature
- Improved internal lighting
- Adds structural integrity to the roof



**CEILING**

- Traps air resulting in a higher R-value
- Prevents condensation
- Tongue and groove designs available



**WALL**

- Prevents moisture damage
- Prevents thermal bridging
- Easy to plaster

## Housing Animals During Winter/Summer

Advantages

- Maintains Body Temperature ☒
- Provides Weather Protection ☒
- Prevents Diseases ☒
- Energy Efficiency ☒

Website: [www.technopol.co.za](http://www.technopol.co.za)  
Email: [info@technopol.co.za](mailto:info@technopol.co.za)  
Tel: (011) 363 2780

9 Wright Street  
Nuffield, 1559  
Springs, South Africa

**TIPSASA**  
THERMAL INSULATION PRODUCTS & SYSTEMS ASSOCIATION SA



**Livestock Handling Equipment**  
**Veehanteringstoerusting**



[algar@algar.co.za](mailto:algar@algar.co.za)  
[www.algar.co.za](http://www.algar.co.za)  
082 324 6256

- 0,75m x 2,2m Binnemaat
- Lyfsprak om die lyf vas te trek
- 11 Toegangshekke
- H-Tipe Nekkklamp
- Lig en Doeltreffend
- kan op weegbalke gemonteer word

Algar stel voor die **Nuwe BILIE BOX**



Aftermarket Parts  
25 Years Cummins  
Experience

**Jumanje**

Procurement Services  
Power Parts

AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING

## SERVICE AND YOUR DOWNTIME IS OUR PRIORITY!

Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components

**High quality aftermarket & replacement diesel parts**



A wide range of 8pk Belts and Filters



**Carradine Varvevisser**  
060 525 9943  
[carradine@jumanje.co.za](mailto:carradine@jumanje.co.za)

**Office**  
011 976 1242 / [sales@jumanje.co.za](mailto:sales@jumanje.co.za)  
Michael: 063 753 6466

**Facebook & Instagram**  
[@jumanje4u](https://www.facebook.com/jumanje4u)



**FROM CATTLE TO SHEEP, WE BUILD BALE RINGS FOR ALL**

Steel Tube & Pipe Profiles  
"Centre of excellence"

**Cattle bale rings**

**R1250 EACH**  
5 or more R1100 EACH  
1.6mm material, 1.6 diameter

**R1900 EACH**  
5 or more R1750 EACH  
2mm material, 1.6 diameter

**WE DELIVER NATION WIDE**

**Sheep bale rings**

**Offer valid from 20 Jun 2024 - 26 Jul 2024**

Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911  
www.steeltubeprofiles.co.za  
+27 665 568 616 | +27 728 794 871 | +27 100 230 786  
Email: sales@steeltubeprofiles.co.za

**RUGGED CROC**

**Stop cable theft DEAD in its track**

RUGGED CROC was developed to prevent cable theft by keeping the cable entrenched underground and securing it in place. It is made of an engineered polymer to withstand great stresses and forces that may be placed on the product.

95 mm 50 mm 25 mm

1 Metre

Place RUGGED CROC every 1 metre

500mm

www.theenergymarket.co.za +27(0)74 588 3024 tem@medcom.co.za

**Alternatiewe Energie & Selfstandigheid ekspo!**  
**8-10 Augustus 2024**  
Diamantvallei Landgoed, 20km oos van Pretoria

**Daar is 'n alternatief!**

36 000+ Besoekers

600+ Uitstallers

50% Afslag indien vooraf registreer!

Kinders tot 18 GRATIS.

OPVOEDKUNDE SUB-EKSP

LANDBOU SUB-EKSP in samewerking met TLU SA

KUNS & KOU MARK in samewerking met Solidariteit Helpende Hand

SAKELIGA

**KragDag**  
doen jou eie ding

087 231 1644  
www.kragdag.co.za

f in t

Pretoria TLU SA





# Myburgh Toerusting

Ook beskikbaar vir verhuur

## Vaste skaper

Vastebalk padskaper.  
4.25m lem.

Twee dieptebeheer wiele.  
Baie eenvoudig om te gebruik.



↑ R 149 500 Btw ing

## Kontoermaker

↓ R 203 550 Btw ing



14 Skottel vastebalk  
kontoermaker.  
Benodig 85kw trekker.

↓ R 115 000 Btw ing



## Paalslaner

Slaan stomp teerpale  
800mm in die grond in  
met ons 450kg  
paalslaner.

[www.mtoer.co.za](http://www.mtoer.co.za)

[0824170175](tel:0824170175)

[mybtoer@gmail.com](mailto:mybtoer@gmail.com)

## Mobile irrigation systems to irrigate Africa



**CANE MASTER 300**



**RHINO 300 4X4**  
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR



**CLUBMAN/ FARMER 100**  
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR



**RAINMAKER 200 4X4**  
HEAVY DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR



**GREENKEEPER/ FARMER 200**  
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR



**SPORTSMAN/ CROPMAKER 120**  
LIGHT DUTY AGRICULTURAL IRRIGATOR

Choose from our **wide variety!**

Suitable for irrigating most overhead crops | Pastures/maize/wheat/tobacco/vegetables/sugar cane etc.



[www.rotrix africa.co.za](http://www.rotrix africa.co.za)

Head Office - Western Cape +27 23-342-3438  
Jasper Hewitt +27 (0) 82-773-7544 | [jasper@rotrix africa.co.za](mailto:jasper@rotrix africa.co.za)  
Andries Bothma +27(0)79-959-3356 | [sales@rotrix africa.co.za](mailto:sales@rotrix africa.co.za)




Office - Gauteng Tobie van den Heever  
+27 (0)82-658-6054  
[tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za)



**ROTRIXAFRICA**  
Industries cc  
MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS  
BUILT TO IRRIGATE AFRICA



# S A W Africa



knowledge product success



Motors

VSD's

Pumps

Design

Service

Solar

Professionally designed solar systems

that integrate seamlessly with irrigation

for the lowest cost of ownership.

Benefit from longer usage hours with solar tracking.

Choose from power blending with utility power, hybrid systems, diesel generators, or fully off-grid solutions.



Kimberley +27 53 832 3681

Jhb +27 11 392 2217

Durban +27 81 479 4880

George +27 44 878 0349

Cape Town +27 21 949 6862

Harare +263 773 794 485

[www.sawfrica.co.za](http://www.sawfrica.co.za)



Since 1967



**Cylinder & Pump Co. (PTY) Ltd**  
**(021) 854-6518**

The JOOSTE Force Cylinder is used with a windmill to pump water over long distances to higher levels. It consists of an ASRDS cylinder with a force head fitted to it. A baseplate secures the pump to the ground.

8 Van Zyl Street  
Strand, 7140

The Standard JOOSTE (AS) windmill Cylinder is used in boreholes with a total head of up to 60 meters. Sizes range from AS50 to AS180.

JOOSTE products are available at **ALL** leading Agricultural outlets.

The AS-RDS JOOSTE windmill Cylinder is used in boreholes with a total head of more than 60 meters. The RDS cylinder is fitted with a rod support and a rust retainer. Sizes range from AS50-RDS to AS100-RDS.

[www.joostecylinders.com](http://www.joostecylinders.com)  
[info@joostecylinders.com](mailto:info@joostecylinders.com)

**GENUINE JOOSTE PRODUCTS**

## YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER

We also supply a wide range of other agricultural equipment

**NATIONWIDE DELIVERY**



Hennie van der Walt | +27 (0) 72 901 4033  
[info@vldwengineering.co.za](mailto:info@vldwengineering.co.za)



Mobile crush & neck clamps  
 Cattle neck clamps  
 Standard & mobile loading ramps  
 Loading ramps & panels  
 Enclosure panels  
 Gated enclosure panels  
 Feeding troughs  
 Work stations  
 2 Way sorting gates  
 Support arches  
 Support arches with gate  
 Weigh bars  
 Spray race  
 Branding irons  
 Bale rings  
 Scales

[www.vldwengineering.co.za](http://www.vldwengineering.co.za)





PIK UP KAROO S6 4x4 DOUBLE CAB MANUAL

**mahindra**  
ALBERTON

**DEAL ASSISTANCE**

UP TO

**R25 000**



EXPERIENCE OUR NEW

**24** <sup>HR</sup>  **TEST DRIVE**

TRY IT BEFORE YOU BUY IT

Ts and Cs



**MAHINDRA ALBERTON**

**087 803 1108 [WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA](http://WWW.MAHINDRAALBERTON.CO.ZA)**

OFFER EXCLUSIVE TO MAHINDRA ALBERTON ONLY. Ts and Cs apply.

**WHILE STOCKS LAST**



# SALE ON STORAGE AND HANDLING EQUIPMENT

600 ton silo  
starting from  
**R 428 000,00**  
excl VAT

1 000 ton silo  
starting from  
**R 634 000,00**  
excl VAT

3 000 ton silo  
starting from  
**R 1 835 000,00**  
excl VAT

TERMS AND CONDITIONS APPLY  
PRICES VALID WHILE STOCKS LAST


**MYSiLO®**



GRAIN STORAGE SILOS

GRAIN DRYER MACHINES

STEEL CONSTRUCTION



**Visit [www.nexgro.co.za](http://www.nexgro.co.za) for more information.**